Dag 10 – Ons troudag

Onthou waarmee ons die afgelope tyd besig is. My hart is om weer jou en my oë oop te maak vir hoe wonderlik die ekklesia, die kerk van Jesus Christus, werklik is. Ons het nie hier met ’n organisasie of stelsel of mensgemaakte-mens-uitgedinkte ding te doen nie. Nee, as ons praat van die Bybelse ekklesia, die ware kerk van Jesus Christus, praat ons van iets wat God self uitgedink het. Voordat daar nog sprake van tyd was. En hierdie ware kerk van Christus Jesus kan nie tussen die mensgemaakte mure van die sowat 30 000 denominasies in Suid-Afrika alleen, vasgevang word nie.

Rondom hierdie ekklesia, speel die mees merkwaardige drama tans af, en ek en jy het deel daarvan geword toe ons Jesus Christus aangeneem het in geloof as Verlosser en Here.

’n Wonderlike deel van hierdie drama is om te ontdek dat die ekklesia eens ’n dogtertjie was wat ’n vrou geword het. Soos Eva bedoel was om die vreugde, begeerte, passie, voltooiing en lewensvervulling van Adam te wees, so is ons, as deel van hierdie vrou, dit vir Jesus Christus. Ons is bedoel om bruid van Christus Jesus te wees. ’n Bruid wat bestaan uit miljoene der miljoene lede. Op ons eie kan nie een van ons dit self wees nie, maar korporatief, as deel van een ware kerk van Christus, is ons dit. Kan ons vir Hom ’n geskikte Bruid wees. Kan ons daardie passievolle bruid wees, met haar meervoudige kante. Kan ons Christus liefhê soos Hy liefgehê wil word en kan Hy ons liefhê.

Jesus Christus, as die passievolle “Bachelor”, het aarde toe gekom om hierdie toekomstige bruid van Hom hier te kom soek. Hier het Hy haar leer ken en leer lief kry. Hier het Hy mal verlief geword op haar.

Later kon Hy, terwyl Hy hier op aarde was daardie dertig jare of wat, bykans oor niks anders praat as oor hulle troue nie. Hy het selfs Sy eerste wonderwerk juis by ’n huwelik gedoen, sodat Sy toekomstige vrou Hom kon herken… en raaksien! (Joh. 2)

In Joh. 3 openbaar Johannes die Doper Jesus aan Israel as die Bruidegom! In Mat. 9 verwys Jesus na Homself as die Bruidegom. In Mat. 22 vertel Hy die gelykenis van die huweliksfees. In Mat. 25, Sy laaste boodskap as mens op aarde, vertel Hy die gelykenis van die 10 bruidsmeisies wat gereed gemaak het om hulle bruidegom te ontmoet.

Alles teen die agtergrond van die tipiese Joodse troue. Daarom wil ek saam met jou ’n bietjie nadink oor daardie dag… ons troudag! Die bruilof van die Bruid met haar Bruidegom, Jesus die Christus!

In Joh. 14:1 tot 3 sê Jesus dat Hy vir ons (die bruid) alles gaan regmaak by Sy Vader se huis, en dan kom haal Hy ons en neem ons saam daarheen terug.

Wanneer dan? Natuurlik wanneer dit ons troudag is, die troudag van die Bruid met Hom as die Bruidegom.

Kom ons kyk na die verskillende dele van ’n Joodse bruilof/troue. Dit is ons beste voorbeeld van hoe die Bruilof aan die einde gaan wees tussen Jesus die Christus en Sy Bruid.

- Onthou, die Joodse bruidegom se pa, het die hele troue gereël. Hy het vir sy seun die bruid gekies. (Joh. 17:9)
- Die bruidegom vra die vrou se hand deur vir haar die huwelikskontrak te gee wat sy pa opgestel het vir die troue.
- Om uit te vind of dit vir haar aanvaarbaar is, gooi hy dan ’n glas vol wyn en sit dit voor haar om te drink. As sy dit vat en drink, beteken dit dat sy dit aanvaar en hom aanvaar as toekomstige bruidegom en eggenoot. (Indien nie, skuiwe sy dit net eenkant toe). (Mat. 26:27-28).
- As sy dan “ja” sê, betaal die toekomstige bruidegom ’n huweliksprys vir haar (soos “lobola” in ons swart kulture) aan haar pa. (Kyk 1 Kor. 6:20 en 1 Pet. 1:18,19 in die verband).
- Dan gee hy vir haar geskenke, om vir haar te wys hoe lief hy haar het. En om hom te onthou gedurende die verlowingstyd. (Joh. 14:26; Ef. 4:8).
- Dan is hulle offisieel verloof. Apart gaan hulle dan deur ’n rituele bad as simbool van reiniging om alle ander bande af te sny en weg te was. Sy word voortaan genoem “sy bruid” en Hy noem haar “my bruidegom”. Nou is hulle werklik wetlik verbind. (En om nou te skei, beteken ’n wetlike egskeiding moet plaasvind). Dan duur die verlowing gewoonlik ’n jaar of twee tot die troudag. In hierdie tyd maak die bruid haar gereed vir die troudag. Sy sal ook ’n sluier dra in die openbaar tot op daardie dag. As teken van haar “apart gesit-wees” en “heilig wees”. (Tit. 3:5; Ef. 5:25-26; 2 Kor. 11:2).
- Intussen maak die bruidegom die kamer gereed vir sy bruid in sy vader se huis. (In daardie kamer/huis word hulle “een” op hulle troudag en daar vier hulle saam hulle “wittebrood” vir sewe dae. Joh. 14:2-3)
- As hy dan hiermee klaar is, gaan haal hy sy bruid op die beplande troudag – waarvan net die vader die presiese datum weet. Die bruidegom sê dus nooit vir die toekomstige bruid presies wanneer dit is nie. Daarom moet sy altyd gereed wees.
- Sodra die bruidegom naby haar huis kom op daardie dag, roep die bruidegom hard uit en blaas ’n sjofar. (1 Tess. 4:16). As die bruidegom en sy gevolg dan kom, vat hy die bruid saam met hom. Hy is netjies aangetrek, met ’n kroon op sy kop. Die bruid en die bruidsmeisies wag dus met groot verwagting en opgewondenheid vir hom (met genoeg olie in hulle lampies – gereed!) (Mat 24:36; Ef. 5:26; Mat 25:1; Op. 14:14; 21:2).
- Dan vat hy haar na die plek waar die troue gaan wees en waar die bruidkamer is. Die strooijonker wag tot die bruidegom roep (= “wag op sy stem”) om dan self aan te kondig dat die bruilof binnekort gaan begin.
- Van daardie oomblik af begin die troue en die bruilofsfees. Eers word die egpaar in die huwelik verbind en dan gaan hulle twee vir 7 dae na die bruilof-suite toe om daar een te word en hulle wittebrood te vier. Intussen vier die ander gaste fees daardie 7 dae tot die egpaar weer tussen hulle verskyn. (Joh. 3:29).
- Dan begin die huweliksete. Maar nou is die bruid nie meer bruid nie, maar vrou, eggenote van die man, die bruidegom. (Op. 19:7-9); 21:9).

Dag 11 – God soek ’n woonplek hier tussen ons

Voordat daar nog enigiets anders was, selfs voordat daar iets soos tyd was, het God ’n vergadering met Homself gehad. Daar het Hy die volgende besluit…

- Om vir Sy Seun ’n geskikte vrou te kry
- En vir Homself ’n tuiste, ’n huis. Waar Hy en Sy nuwe toekomstige gesin kan woon.

Oor die eerste deel van daardie besluit het ek die afgelope tyd met jou gesels. Kom ons gesels nou oor die tweede deel van daardie besluit.

Hierdie soeke of verlange van God na ’n huis of ’n tuiste loop dwarsdeur die Bybel. ’n Mens sou selfs die Bybel kon beskryf as dat dit vir ons die verhaal vertel hoe God vir Homself hier op Planeet Aarde ’n huis kom bou het.

In die Joodse wêreld is ’n huis of tuiste of familie sinonieme. Elke huis/tuiste/familie is vir die tipiese Jood daardie plek waar elkeen van ons tot rus kom. Dit is daar waar ons veilig voel en selfs veilig kan val. Hoe sê die Engels: “There is no place like home”.

Dit is ook die plek waar elkeen van ons onsself kan wees. Waar mense ons liefhet en aanvaar soos en vir wie ons is.

Dit is ook die plek waar die Joodse man here en koning is, en die kroon dra.

Hiermee as agtergrond, kom ek begin vir jou in die Bybel wys hoe God vir Homself hier op Planeet Aarde so ’n huis/tuiste/familie begin bou het.

Die hele verhaal van die skepping, in Gen.1 en 2, vertel eintlik vir ons hoe God alles geskep en bymekaar gekry het sodat Hy ’n huis hier kan bou. Gen.1:2 teken vir ons die Heilige Gees wat letterlik besig is om te broei. Soos ’n hen ’n eier uit broei. So broei Hy ’n geskikte woonplek vir God as Vader, Seun en Gees uit.

Gen.2 vertel vir ons hoe God hierdie ongelooflike tuin of plaas aanmekaargesit het. Waar Hy met Sy nuutgeskape mens kon kuier. Maar Hy wou nie net kom kuier nie. Hy wou hier kom woon… saam met Sy mens.

Het jy al mooi gekyk na alles wat God in hierdie tuin neergesit het?

Ons sien daar die boom van die lewe. Waarvan Hy die mens wou laat eet het. Om vir ewig te lewe… soos Hy.

Ons sien ook daardie River van lewe. Waarvan Hy die mens wou laat drink.

Hy sit ook in hierdie tuin goud, pêrels en kosbare edelgesteentes.

Raai waar lees ons weer van al hierdie dinge?

Ja, daar heel aan die einde, in Op.21 en 22, as ons lees van toe God finaal klaar is met Sy woonplek.

Is dit nie interessant dat God ’n tuin geskep het nie, met plante, bome en ’n rivier waarvan God se mense kon eet en drink nie!

As God se mens die regte dinge eet en drink, sou hy vir ewig lewe en saam met God beleef wat dit beteken om deel te wees van God se huis of tuiste. Toe eet hy

egter verkeerde dinge… en sterf hy… en gevolglik sterf die res van die skepping saam met hom!

Die resultaat van al hierdie gebeure daar in die begin is dan dat God nog steeds sonder ’n werklike tuiste of woonplek was.

Jy ken die res van die storie. Van hoe Gen.3 ons vertel van hoe Planeet Aarde as gevolg van die mens se sonde, satan en sy magte se woonplek geword het. (Kyk maar gedeeltes soos Joh.12:31; 14:30; 16:11;2 Kor.4:4; Ef.2:2).

Daarom moet God Sy restourasie- of herstelplan in werking stel.

Goddank, Hy gee nie nooit moed op nie! As Hy iets besluit het, hou Hy daarmee vol!

Dag 12 – Lewende stene

Soos ek laas gesê het, toe God se nuutgeskape mens deur sy sondige besluite dood in plaas van lewe gekies het, gee God nie moed op met die mens nie. Nee, Hy kies weer ’n mens, Abram, om met Sy planne voort te gaan.

Abram was natuurlik ’n heiden, wat die ware God nie geken het nie. Hy kom oorspronklik uit Ur van die Chaldeërs. Later sou dit bekend staan as Babilon (kyk Gen.11:28 en Heb.11:8 tot 16).

Die verhaal van God se eerste ontmoetings met Abraham lees ons in Gen.11 tot Genesis 25. Kom ek probeer dit vir jou opsom.

God sê vir Abram: Los alles wat jy het, jou woonplek! Ek wil vir My ’n stad bou. Kom, Ek neem jou na die bouterrein toe.

Jy moet alles los… ook die tradisies van jou voorouers. Hulle het immers valse gode aanbid. Wat verkeerde prentjies van My, die enigste ware God, was.

God merk Abram verder ook as Syne deur vir hom ’n naam te gee wat hom heeltyd aan sy nuwe God sal herinner: Abraham.

Hy sê vir hom dat hy die vader van die nasies gaan word; die vader van ’n nuwe volk, wat God gekies het om nou Sy woonplek, Sy familie en Sy mense op aarde te wees.

Hy leer ook vir Abraham dat Hy hom en hierdie nuwe volk gaan neem na ’n nuwe stad en ’n nuwe land. Dit gaan hulle natuurlik vreemdelinge op enige ander plek maak.

Ons sien dit geweerspieël in Abraham se eie lewe. Sy hele lewe woon hy self in tente, wat niks anders was as blote tydelike verblyf nie. Wat natuurlik Abraham help onthou het dat hy op pad was na iets beters, na God se stad! (Heb.11:9,10)

Ons sien ook hoe Abraham, oral waar hy kom, altare bou om aan hierdie nuwe God van hom te offer en gedurig net aan Hom trou te sweer. Dit help hom ook sterf aan sy eie planne en agenda, en help hom onthou hy was nie meer in beheer van sy eie lewe nie. Iemand anders sit nou agter die stuurwiel in sy lewe: hierdie nuwe God, wat nou God in sy lewe was.

So vind Abraham uiteindelik die bouterrein, Kanaän. Daar, in hierdie nuwe land, sal die eerste skadubeeld van God se tuiste en woonplek gebou word, in Jerusalem, die stad van vrede (Heb.11:8-10).

God gee vir Abraham ’n seun, Isak. Isak sou later self ’n seun hê: Jakob. Soos Abraham, was Jakob ook ’n man van die altaar, wat woon in tente.

Kom ek neem jou na een baie besondere gebeure in hierdie man se lewe, om iets te illustreer hiervan wat ek besig is om aan jou te vertel. Lees saam met my daardie gedeelte in Gen. 28:1 tot 22 (veral van vers 12 af).

Wat ’n merkwaardige gebeure! Alles begin waar Jakob sy familie agterlaat. Skielik was hy letterlik ’n man sonder ’n tuiste, sonder ’n huis of gesin. Boonop bevind hy hom in die woestyn of wildernis. Moeg raak hy daardie nag aan die slaap en begin hy droom.

In ’n droom gee God vir Jakob die eerste openbaring in die Skrif van wat hierdie tuiste of huis van God op aarde werklik moet wees.

Jakob sien ’n leer met engele wat op en af uit die hemel na die aarde en terug klim. So word die sigbare wêreld van die mens en die onsigbare wêreld van God bonatuurlik gekonnekteer! Vir die eerste keer sedert die paradys in Eden, was daar werklik weer direkte verkeer tussen die hemel en die aarde!

As Jakob dan wakker word, hoor ons hom sê: God is hier! Hierdie plek is die huis van God!

So ontdek ons dat “huis van God” eintlik beteken “God is hier teenwoordig!”

Ons lees dan hoe Jakob ’n klip vat en dit oprig as ’n monument. Hy salf dit dan ook.

So word dit ’n “steen wat praat”. ’n Steen met ’n boodskap en ’n getuienis. Of, soos die Bybel dit noem: ’n “lewende steen” (in die woorde van 1 Pet.2:5).

Hier het ons dus ’n baie goeie voorbeeld van hoe God “dooie stene” kan verander in “lewende stene”. Omdat Hyself daar teenwoordig is en daar Sy woonplek tussen mense kom maak het, word “dooie stene” lewendig en het hulle iets om aan ander om hulle te vertel.

Dit kan nie anders nie, want waar die lewende God is en woon, gebeur daar dinge!

Dag 13 – Die tabernakel van Moses

Laas het ek jou ietsie van Jakob begin vertel. Kom ek gaan ’n bietjie aan met die verhaal.

Die Here het Jakob se naam verander na Israel. Hy het 12 seuns gehad. Een van hulle was Josef. Vir baie redes maak God vir Josef ruimte om in Egipte te beland om so Sy Ou Testamentiese volk se lewens te red.

Daar in Egipte kom ’n nuwe Farao in beheer wat Josef nie geken het nie. Mettertyd maak hy van die volk van God slawe van die Egiptenare en sou hulle dit bly vir 400 jaar.

Onthou, God het ’n plan. Daarom bring Hy die volk van Israel terug na die land, Kanaän, en spesifiek na Jerusalem toe. Wat immers bedoel was om die bouperseel te wees waar God vir Hom ’n tuiste op Planeet Aarde wou bou.

Ons lees hoe God vir Homself ’n man met die naam, Moses, kies om Sy volk uit Egipte te gaan red en hulle na Kanaän te lei. As gevolg van hulle sonde, ongehoorsaamheid en ongeloof, word Hy gedwing om hulle met ’n ompad deur die woestyn 40 jaar later daarheen te bring. (Gaan lees hierdie hele verhaal in Eksodus 12 tot 19 en in Numeri 11 tot 36).

God openbaar dan Sy hart aan Moses in hierdie tyd en wys vir hom hoe om daar in die woestyn vir Hom vir die tussentyd ’n tydelike woning te bou.

Dit gryp ’n mens aan as jy die detail sien wat God aan Moses gee vir die bou van die tabernakel van Moses. (Lees dit maar self daar in Eksodus 24 tot 40). Terwyl dit in werklikheid net ’n groot altaar en ’n groot tent was!

Ons het God al leer ken as ’n baie ekonomiese God. Wat nie ’n minuut of ’n stukkie detail mors nie. Daarom besef elkeen van ons dat al hierdie detail vir ons ’n besondere boodskap het. Ons het immers hier ’n ongelooflike portret van hoe God se woonplek op aarde moet lyk.

Kom ons kyk ’n bietjie daarna.

Ons sien dat die tabernakel uit twee bou-elemente bestaan, naamlik goud en hout. Goud herinner ons heeltyd aan God en die Goddelike, terwyl hout die menslike kant van alles verteenwoordig.

Die belangrikste deel van die tabernakel van Moses is die gedeelte wat die Allerheiligste genoem is. Dit was 15 voet by 15 voet, ou taal, wat dit natuurlik ook ’n perfekte vierkant maak. Verder het dit een ingang gehad, wat die “voorhangsel” genoem is, wat inderwaarheid uit ’n dik gordyn bestaan het.

Agter hierdie gordyn was daar die ark van die verbond. Dit was hier waar God in werklikheid in hierdie tabernakel van Moses gewoon of direk teenwoordig was. En net hier!

Hierdie ark van die verbond was ’n kleinerige hout kas van 2 en ’n halwe voet by 3 en ’n halwe voet, wat oorgetrek was met goud. Die deksel van die ark is die “troon van genade” genoem, waarvan ons lees daar in Eksodus 25, en ook in Heb.4:16.

God het as’t ware self hier kom sit om van hier af met Sy volk te praat.

Op die deksel van hierdie ark was daar beelde van twee engele wat daar gesit en na mekaar gekyk het, met hulle vlerke na agter en na buite. Hulle was die bewakers van die heilige teenwoordigheid van God.

Natuurlik herinner hulle ons ook aan die twee engele wat daar in die begin gaan stelling inneem het by die paradys se hekke, toe die mens daar uitgejaag is as gevolg van sy sonde en ongehoorsaamheid. Hulle herinner ons ook aan die twee engele wat aan weerskante van die graf van Jesus gaan sit het, met Sy opstanding uit die dood (kyk Joh.20:12).

Hierdie ark van die verbond was ’n prentjie van die heilige God wat tussen en by gewone mense kom woon het. Ons sien dit gesimboliseer in dié dat die hout oorgetrek moes word met goud.

’n Baie spesiale priester, die hoëpriester, is spesiaal aangestel om as tussenganger tussen God en mens op te tree. Net eenmaal per jaar het hy by hierdie spesiale gedeelte in die tabernakel ingegaan om daar God, in Sy volle glorie en genade, te ontmoet.

Hierdie ingaan van die hoëpriester tot waar God dan was, moes gepaard gegaan het met die offer van die bloed van ’n lam, wat geslag moes word as gevolg van die sondes van die mense.

Volgende keer vertel ek vir jou iets meer oor ’n ander tabernakel, naamlik die tabernakel van Dawid, en wat dit vir ons verder vertel oor God wat hier by ons tussen gewone mense kom woon het.

Dag 14 – Die tabernakel van Dawid

In Handelinge 15:16 en 17 staan die volgende: “Daarna sal Ek terugkom en die vervalle hut van Dawid weer oprig, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel, sodat die oorblyfsel van die mense die Here kan soek, en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die Here wat al hierdie dinge doen.”

Die Griekse woord wat hier as “hut” vertaal is, is die woord “skene” in die Grieks wat eintlik eerder as “tabernakel” vertaal moes wees. Dit is oor hierdie tabernakel van Dawid wat ek by hierdie geleentheid met jou wil gesels.

Nadat Moses gesterwe het, het die volk, onder die nuwe leierskap van Josua, finaal in Kanaän aangekom. Vierhonderd jaar gaan hierna verby, wat ons dan bring by die tydperk toe Dawid koning van die volk Israel geword het. Kom ek teken vir jou die toneel in hierdie tyd.

Die tabernakel van Moses het by ’n plek, Gibea, gestaan (1 Kron.21:29). Wat egter belangrik is om te weet is dat die ark van die verbond nie meer daarin was nie. (Dit was mos eers by die Filistyne, en dié het dit toe teruggestuur na Israel, waar dit eers by Kirjat-Jearim gestaan het vir meer as 20 jaar.

Onthou, die ark van die verbond was destyds die enigste plek waar God in werklikheid self teenwoordig was onder Sy volk. Met dié dat die ark nie meer in die tabernakel was nie, het dit prakties beteken dat die tabernakel nou niks anders as maar net nog ’n gewone groot tent geword nie! God het self nie meer daarin gewoon nie!

Die tragedie was egter dat dinge daar by die tabernakel van Moses presies aangegaan het soos tevore. Die volk het nog steeds offerdiere gebring om geoffer te word; die priesters het dit geslag en die mense vrygespreek; daar is nog steeds gebid en die Woord is daar verkondig. Maar… God was nie meer werklik daar teenwoordig nie!

Dan rig God ’n man met die naam, Dawid, op. Wat seker een van die mees merkwaardige figure in die Bybel was. Aan die eenkant was hy hierdie stukkende, gebroke, sondige mens, wat letterlik al 10 gebooie gebreek het in sy lewe. Tog beskryf God hom, daar in Hand.13:22, as “’n man na My hart”!

Hoekom dan? Omdat Dawid God se hartsgeheim geken het. Wat ook sy hart en droom geword het. Gaan lees dit daar in 2 Sam.7:2 e.v. Hy het besef dat God begeer het om ’n woonplek tussen mense te hê. Waar Hy God tussen Sy mense kon wees, wat tussen hulle woon. (Kyk ook Ps.132:3-5; 1 Kron.29:3).

Daarom sien ons hoe Dawid Jerusalem inneem en dan die ark van die verbond laat haal en bring Jerusalem toe. Daar skep hy dan ’n nuwe “woonplek” vir die ark van die verbond, waar God sigbaar teenwoordig kan wees en letterlik kan woon onder Sy volk. Dit sou bekend staan as die tabernakel van Dawid. (Jy kan daaroor gaan lees in die volgende gedeeltes in die Bybel: 2 Sam.6:17; Jes.16:5; Amos.9:11; Hand.15:16).

Weet jy wat was hierdie tabernakel van Dawid in werklikheid? Dit was niks anders as ’n klein tentjie wat op die Berg Sion in Jerusalem opgeslaan was waarin die ark van die verbond vir meer as 40 jaar gestaan het nie! (Lees 1 Kron.15:1; 16:1; 2 Kron.1:4).

Wat ’n ongelooflik wonderlike prentjie was dit nie in die Ou Testament van hoe God wou hê Sy woonplek op aarde moes lyk nie!

Ek wil jou herinner daaraan dat daar nou eintlik 2 tabernakels terselfdertyd bestaan het in hierdie tyd. Die een was sonder die ark van die verbond, waar al die godsdienstige handelinge dag vir dag aangegaan het asof God nog self daar was. Tog was daar nie werklike lewe daar nie. Daar was geen vryheid nie en nie een druppel van God se heerlikheid en krag daar teenwoordig nie, want God self was nie daar sigbaar teenwoordig nie!

Dan was daar hierdie gewone tentjie bo-op die Berg Sion, waarin die ark, en dus ook God self, in was! In daardie klein tentjie het God in al Sy heerlikheid gewoon. Daarom sien ons hoe die mense in hulle duisendtalle na Sion toe stroom. Om God en Sy teenwoordigheid daar te gaan belewe.

Die snaakste van alles was egter dat dit alles by hierdie klein tentjie plaasgevind het. Waar daar geen voorhangsel of gordyn in was nie en waar die ark van die verbond sommer so daar, vir almal om te sien, gestaan het! Almal het, gevolglik, God letterlik van aangesig tot aangesig gesien, en nie, soos in die verlede, net die priesters of hoëpriester nie!

Verder het dit elke dag gebeur! Terwyl daar nie eers bloedoffers plaasgevind het nie. Al offer wat ooit hier gebring was, was toe Dawid die ark in die begin daarheen gebring het. Tog het mense daar vergiffenis belewe en het hulle met daar vrymoedigheid lof en aanbidding 24 uur, sewe dae ’n week, daar teenoor God uitgespreek en gesing. Vir 40 jaar! (Ps.134:1). (Gaan kyk bv. hoeveel van die Psalms in ons Bybel is daar geskrywe. Psalms soos Ps.91:1; 61:4; 57:1; 99:2; 48:1-2).

G’n wonder dat die tabernakel van Dawid as die model van God se hart beskryf word nie! (Kyk maar daar in Amos 9:11 en in Hand.15:16). Dit is dan ook aangrypend om te lees dat God self sê dat Hy in Christus Jesus, deur die werking van Sy Gees, besig is om die tabernakel van Dawid te herstel!

Deur die een offer van Jesus Christus aan die kruis, en met die koms van Sy Gees om self in God se mense se liggaam op aarde te kom woon, is ’n nuwe tabernakel “hier op aarde gebou. Waar almal wat dit glo, se sondes en skuld weggeneem kon word. Waar vergifnis vir almal wat glo aangebied kan word. Waar, volgens 2 Kor.3:17 en 18, volkome vryheid heers en God in al Sy heerlikheid Homself tussen mense kom openbaar. Nou was dit in gewone mense se liggame en lewens. In ons verganklike aardse tentwonings!

Dag 15 – God kom "tabernakel" tussen ons

Ons weet dat Salomo uiteindelik die tempel moes bou wat in sy vader, Dawid, se hart geleef het.

Dit was alles maar net deel van die baie prentjies wat soos skadu-spore deur die Bybel lê. Op pad na die uiteindelike, ware woonplek van God hier op Planeet Aarde.

Hoe sê die Bybel: Ons God woon nie in geboue van klip en steen nie. Nie regtig nie. Ja, Hy het in die verlede, op pad na die ware Jakob, wel tente en geboue van klip en steen gevul met Sy teenwoordigheid. Dit was alles egter maar net tydelik.

Kom ons gaan blaai in die Nuwe Testament rond opsoek na die ware Jakob. Daar vind ons 'n nuwe bedeling. Die ou bedeling was verby en God was klaar met prentjies en skadu-spore. Dit was nou die tyd vir wat werklik in God se hart van die begin af was; dit waarheen Hy eintlik op pad was.

Die Seun van God, Jesus die Christus, verskyn daarvoor self op die toneel. Waarlik God en waarlik mens. Vir die eerste keer het die ware God letterlik in die lyf van 'n gewone mens op Planeet Aarde kom woon. Vir die eerste keer besef ons waaroor die woonplek of huis vir God werklik gaan.

Dit was nie 'n ding wat sommer uit klip en sement gebou kon word nie. Dit is selfs nie 'n teologiese konsep of uitdrukking nie. Die woonplek of huis van God was bedoel om 'n persoon te wees. Dit was God self wat mens geword het om tussen ons te kom woon. Alles voorheen was alles maar net skadubeelde van hierdie, die ware huis of woonplek van God, op Aarde.

Dit is eers met die mens-word van die Christus wat 'n mens sien en verstaan wat regtig in die Vader se hart was. Dat Hyself as die enigste ware God letterlik self op Planeet Aarde tussen Sy mense wou kom woon.

Vir die eerste keer in die geskiedenis van die mensdom kon 'n gewone mens sê: Ek is die tempel of woonplek van die ware God. God woon in My. Soos Paulus daar in Kol.2:9 sê: "… In Hom is die volle wese van God beliggaam…"

Kom ek gaan wys vir jou wat iemand soos Johannes, daar in sy evangelie, hieroor gesê het.

In Joh.1:14 beskryf hy dit so: "Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Die Grieks sê: Hy het letterlik tussen ons kom "tabernakel". Daar is daardie begrip weer waaroor ons reeds gesels het. Hy was, soos die tabernabel-tent van ouds, die plek waar ons God in Sy heerlikheid kon sien en beleef.

Hy beskryf Jesus verder as God se Woord. Met ander woorde: God wat deur Hom met ons praat. Wat self tussen ons kom woon het, om self met ons te kom praat.

Daar in Joh.1:37 tot 39 lees ons hoe twee van Sy dissipels vir Hom vra waar Hyself dan woon. Dan gaan wys Hy vir hulle Sy tydelike woonplek op daardie stadium, want sê Hy in Luk.9:59, "Jakkalse het gate en voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eens 'n rusplek vir sy kop nie."

Met ander woorde, selfs hierdie woonplek van God op aarde was nie die finale en permanente een nie. God was in ’n sin nog steeds sonder ’n ware, permanente tuiste. Soos iemand sê: Hy was nog steeds “homeless”.

In Joh.1:51 herinner Jesus vir Nataniël aan wat daar in Gen.28:12 gebeur het. Soos Jakob hierdie leer in sy droom gesien het waarmee die hemel en die aarde “verbind” was, waarop die engele heen en weer kon beweeg tussen die twee dimensies, so gebeur dit nou weer in en deur die Persoon van Jesus, die Christus.

So is die woonplek van God skielik weer sigbaar hier op Aarde. Jesus, die Christus, was werklik die sigbare woning van die lewende God op Planeet Aarde.

In Hom, ontdek ek en jy, God self wat tussen ons kom woon het.

Dag 16 – ’n Nuwe liggaam vir Jesus

Ons is besig om vir mekaar ’n paar merkwaardige stellinge te wys wat Johannes daar in sy evangelie oor Jesus, die Christus, gemaak het.

In Joh.2:16 en 17 lees ons hoe Jesus op ’n dag die tempel skoongemaak het terwyl Hy aan die mense gesê het: “ ‘Vat hierdie goed hier weg! Moenie die huis van my Vader ’n besigheidsplek maak nie.’ Toe het sy dissipels daaraan gedink dat daar geskrywe staan: ‘Die liefde vir u huis verteer my.’”

Lukas vertel hoe Hy vir die mense daar ook gesê het: "Daar staan geskrywe: ‘My huis sal ’n huis van gebed wees,’ maar julle het dit ’n rowersnes gemaak." (Luk.19:46)

Die tempel, of huis van God, was bedoel, met ander woorde, as die plek vanouds waar ware intieme kommunikasie en ontmoetings tussen God en mens kon plaasvind.

Wat dan verder merkwaardig is, is die volgende woorde van Jesus net hierna, toe hulle Hom vra: "’Met watter wonderteken kan u vir ons bewys dat u hierdie dinge mag doen?’ Jesus het hulle geantwoord: ‘Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig.’… Met ‘hierdie tempel’ het Hy egter sy liggaam bedoel. Later, nadat Hy uit die dood opgewek is, het sy dissipels daaraan gedink dat Hy dit gesê het, en hulle het die Skrif en die woorde van Jesus geglo.” (Joh.2:18-22)

Jesus het Sy Vader se plan verstaan. Al was Sy aardse liggaam tans die werklike “tempel van God” vir nou, was ook hierdie “tempel” of woonplek van God net bedoel as ’n tydelike, beperkte aardse woonplek vir nou. ’n Nuwe, beter era het voorgelê, maar daarvoor moes Hy eers sterf en moes hierdie “aardse tempel” eers “afgebreek” word.

Eers as dit gebeur het, kon ’n nuwe, wêreldwye “liggaam van Christus” tot stand kom onder die mense. Waarin die lewende God dan self permanent kon kom woning maak.

Vir hierdie nuwe woning van God om tot stand te kom, moes daar egter eers iets in mense self gebeur het. Hiervan vertel Johannes ons dan in Johannes 3.

God self kon net in mense kom woon en hulle so deel maak van hierdie “liggaam van Jesus” as daar in elkeen van hierdie mense iets nuuts gebeur het. Daar, in die nagskool, kom leer Jesus vir Nikodemus hoe die mens nuut oorgemaak kan word deur die werking van God se Gees in die gees van die mens. (Joh.3)

Sien, die punt is dat God nie in geboue kan woon van dooie, lewelose klip of vlees nie. Nee, eers as die gees en die hart van die mens nuut oorgemaak is, deur die wederbarende werking van God se Gees, en hulle lewende stene word, kan dit gebeur. Dan kan hulle “ingebou word” in die lewende, wêreldwye gebou of liggaam waarin die lewende God werklik permanent kan kom woon. Daardie “gebou” wat ook Sy Ekklesia of ware kerk van Christus genoem word.

Van hierdie nuwe tempel of woonplek sê Jesus dan…

- Is Hy die belangrikste Steen wat die bouers weggegooi het (Mat.21:42; Ps.118:22)

- Is Hy die Steen waaroor soveel mense “op die bouperseel: sou val (1 Kor.1:23)
- Is Hy die Fondasie (Hand.4:11)
- Is Hy die Hoeksteen (Ef. 2:20; 1Pet.2:6)
- Is Hy die Lewende Steen (1Pet.2:4)
- Is Hy die Rots van Openbaring waarop God se nuwe woonplek, Sy Ekklesia, gebou word (Mat.16:13-18)

Alles wat daar in Ps.84:1 e.v. oor die tempel van destyds gesing is, kan ons nou, as Nuwe Testamentiese volgelinge van Jesus, oor Jesus en oor hierdie nuwe wêreldwye “woonplek van God” in die Liggaam van Jesus, sing.

Tydens Sy lewe op aarde was Jesus werklik die fisiese woonplek van God hier op aarde. Met Sy kruisiging en opstanding word Hy, hoe sê 1 Kor.15:45, “die lewendmakende Gees”. Dan gebeur iets wonderliks. Die Heilige Gees, die Gees van Christus (Rom.8:9), begin dan baie “lewende stene” maak “uit Jesus” en die lewe wat in Hom is. Hy kom bedien dan elkeen, wat kies om in Jesus as Verlosser en Here te glo, met die “lewe van Jesus” en verander ons so in “lewende stene”. Waaruit hierdie nuwe gebou tot stand kom hier op Planeet Aarde: die nuwe tempel van God.

Daarom hoor ons Stefanus daar in Hand.7 sê wat hy sê. Met die kruisiging en opstanding van Christus, na Pinksterdag, is iets nuuts gebore, die ware tempel van God.

Vandag nog, in elke dorp of stad op aarde, is God besig om vir Hom hierdie reuse woonplek te bou op hierdie planeet. Hy het self hier kom woon. Om hier Sy volle heerlikheid te kom openbaar.

Na Pinksterdag kom woon die Heilige Gees in elke lewende steen, wat deel in die lewe van Jesus en wat geëet het van die Boom van Lewe en gedrink het van die Lewende Water van lewe.

Van nou af is die Ekklesia die enigste adres waar God permanent woon. Daar kan mense verwag om hulle teen die ware God vas te loop of Sy stem te hoor. Daar kan hulle iets van Sy handewerk sien of Sy genade en liefde kom proe.

Dag 17 – ’n Nuwe tempel op aarde

Kom ons gaan blaai tussen die briewe van Paulus en van die ander skrywers in die Nuwe Testament rond om meer te lees oor hierdie nuwe, lewende tempel of woonplek van God.

Dit is natuurlik nou ’n lewende tempel, nie gebou uit gewone stene van klip en sement nie, maar “gebou” uit mense wie se lewens verander is deur God se genade in Christus Jesus.

Luister ’n bietjie wat vertel Paulus ons van wat dit beteken om die woonhuis van God te wees.

In 1 Kor. 3:9 tot 17 staan die volgende: “Ons is medewerkers in diens van God, en julle is die saailand van God. Julle is ook die gebou van God. Volgens die genade wat God my gegee het, het ek soos ’n goeie bouer die fondament gelê, en ’n ander bou daarop. Maar hy moet mooi kyk hoe hy verder bou, want niemand kan ’n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie. Die fondament is Jesus Christus. Of dit goud, silwer, edelstene, hout, gras of strooi is waarmee iemand op die fondament bou, elkeen se werk sal aan die lig kom. Die dag wanneer Christus kom, sal dit duidelik word. Die dag kom met vuur, en die vuur sal die gehalte van elkeen se werk toets.

As iemand se bouwerk bly staan, sal hy beloon word; as iemand se werk verbrand, sal hy nie beloon word nie, en tog sal hy self gered word, maar soos iemand wat uit die vuur geruk is.

Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God beskadig, sal God hom straf, want die tempel van God is heilig, en die tempel is julle.”

In Ef. 2:19 tot 22 lees ons die volgende daaroor: “Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God. Julle is ’n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, ’n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is.

In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot ’n heilige tempel vir die Here, in wie julle ook saam opgebou word as ’n geestelike huis waarin God woon.”

Dan staan daar die volgende in 1 Tim. 3:15 hieroor: “Ingeval my koms vertraag word, sal jy dus weet hoe iemand hom moet gedra in die huisgesin van God, dit is die gemeente van die lewende God. Die gemeente is die draer en beskermer van die waarheid.”

Watter merkwaardige woorde oor die gemeente van Jesus, waar hulle ook al hulle bevind!

Dit wat daar tussen ons gebeur… dit wat mense daar tussen ons ervaar… dit moet die Evangelieboodskap wat ons verkondig, bevestig en bewys!

Ook Petrus praat hieroor in van sy briewe aan die gelowiges as hy daar in 1 Pet. 2:4 tot 9 die volgende sê: “Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is.

Laat julle as lewende stene opbou tot ’n geestelike huis, om ’n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.

Daarom staan daar in die Skrif: ‘Kyk, Ek lê in Sion ’n hoekklip, uitverkies vir die ereplek. Wie in Hom glo, word nooit teleurgestel nie.’

Julle wat glo, deel in hierdie eer, maar vir dié wat nie glo nie, geld die woorde: ‘Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword’ en: ‘’n klip waaroor ’n mens struikel en ’n rots waarteen jy jou stamp.’ Hulle struikel omdat hulle nie aan die woord gehoorsaam is nie. So het God dit ook vir hulle bestem.

Julle, daarenteen, is ’n uitverkore volk, ’n koninklike priesterdom, ’n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.”

O, mag die volgelinge van Jesus weer hierdie boodskap werklik verstaan en begin uitleef!

Oor die jare het soveel menslike tradisies en mensgemaakte kerksisteme en kerkstelsels die woonplek van God in soveel afgeslote seksies en klein vertrekkies, met toe-deure en toe-vensters na mekaar toe, verdeel! Soveel so dat ons nie meer werklik besef ons is deel van die een “tempel”, die een “woonplek” van God nie!

Met al hierdie blokkasies, verdeeldheid en liefdeloosheid onder ons, strem ons ons eie getuienis en verlossingsboodskap! Sit ons as’t ware self ’n emmer op die geweldig merkwaardige, meerdimensionele, kollektiewe lig wat hier tussen ons behoort te skyn. Wat ’n honger en dors wêreld daar buite soos motte na hierdie lig kan trek!

Dag 18 – ’n Stad van God tussen die mense

Al ons mensgemaakte tradisies en mensgemaakte stelsel het God se bouplan van ’n regte woonplek op aarde natuurlik vertraag. Telkens moes Hy kom deur Sy Gees om ons inmengery in Sy planne te hervorm en te restoureer. Natuurlik, om ons oë weer oop te maak vir Sy oorspronklike plan en visie.

Dit bring ons dan by die laaste twee hoofstukke in die Bybel, Openbaring 21 en 22.

Hier kry ons een van die mees treffende prentjies van hoe God se voltooide gebou/stad eintlik moet lyk.

Terwyl ons hierdie twee hoofstukke lees, is dit asof ons vir die eerste keer werklik sien waarmee God al die tyd besig was. Kom ons kyk ’n bietjie in detail daarna.

Waarvan is hierdie woonplek van God gebou?

Kan jy glo! Van materiaal soos goud, pêrels en allerhande kosbare edelgesteentes.

Waar het hierdie gebou oorspronklik vandaan gekom?

Vanuit die hemel. Vanuit daardie onsigbare dimensie. As’t ware uit die ewigheid tot hier waar ons is.

So word Jesus se belofte aan ’n Nataniël daar in Joh. 1:51 waar: “Verder sê Jesus vir hom: "Dit verseker Ek julle: Julle sal die hemel oop sien en julle sal die engele van God sien op – en afklim na die Seun van die mens toe.”

Ons het werklik hier ’n oop hemel, waar daar permanente kommunikasie en verkeer is tussen hemel en aarde.

In Op. 21:2 en 10 lees ons die volgende: “En ek het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, van God af uit die hemel uit sien afkom. Die stad was gereed soos ’n bruid wat vir haar man versier is… Ek is toe deur die Gees meegevoer en die engel het my na ’n groot hoë berg toe geneem en die heilige stad Jerusalem vir my gewys, wat van God af uit die hemel uit afkom.”

Is dit nie merkwaardig wat hier oor God se woonplek staan nie!

Ons wil net heeltyd “hemel toe” gaan, maar hier lees ons dat God nog altyd “aarde toe” wil kom! Dit is wat hier gaan gebeur aan die einde! Die hemele gaan oopgaan, en God se finale voltooide “gebou” gaan op die aarde neerdaal!

Ons eindbestemming is dus nie “die hemel” nie! Dit is die aarde! Natuurlik ’n nuwe aarde! Finaal nuutgemaak deur God!

Die tuin in die boek, Genesis, daar reg aan die begin, word hier in Openbaring, reg aan die einde van die tyd, uiteindelik 'n stad wat letterlik uit die hemel op aarde gaan neerdaal!

Op. 21:3 gaan verder as daar staan: Toe het ek ’n harde stem van die troon af hoor sê: "Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God.”

Die tabernakel van God is nou tussen mense, want dit is hier waar God vir altyd, permanent, wil woon. God is dus nie meer “homeless” nie!

In die nuwe Jerusalem kom woon God tussen Sy mense. Hier word die Bouer en die gebou onlosmaaklik een.

Onthou jy wat ons vir mekaar gesê het oor wat daar in Gen. 1 en 2 staan? Hoe God ’n vrou uit Adam se sy “gebou” het, met die klem op die “bou”. (Gen. 2:22).

Hier in Openbaring verstaan ons nou dat die “vrou” wat Hy vir die Tweede, die finale Adam, gebou het in werklikheid ’n gebou was. Die Bybel beskryf dit met verskillende terme: die “gebou van God”; die “stad van God”; die “tempel van God”; en die “huis van God”. Wat al die tyd bedoel was om die “bruid van Christus” te wees.

As ons dit verstaan, sal ons verstaan waarom ware Bybelse eenheid onder ons in die Liggaam van Christus so belangrik is!

Ons soek baie keer ervaringe van God wat skielik net tussen ons gaan wees in Sy volle heerlikheid. Ons moet besef God wil nie net af en toe na ons kom om ons as’t ware te kom besoek nie. Hy wil permanent hier tussen ons, en in ons, wees! Daarom is al hierdie verdeeldheid en versplintering in die Liggaam so ’n geweldige blokkasie vir wat werklik in God se hart is vir wat tussen ons moet en kan gebeur!

Oral sien ons net “lewende stene” los rondlê, hier ’n klompie en daar ’n klompie. G’n wonder God is nog steeds in ’n sin “homeless” nie!

God wil die “lewende stene” gebruik om een huis, een stad, te bou.

Die Hoof van die Liggaam soek ’n finale “lê-plek” vir Sy kop!

Dit kan net gebeur waar Sy volgelinge Sy Hoofskap totaal aanvaar en eerbiedig. Daarmee saam moet hulle dus ook Sy argiteksplan, vir hoe Sy woonplek behoort te lyk, ook volkome aanvaar as die plan vir hoe dit tussen hulle moet lyk!

Dag 19 – Die habitat vir die volgelinge van Jesus

’n Soutwater-katvis hoort in soutwater. As jy dit in gewone water sit, vrek daardie vis. ’n Pikkewyn van die poolstreke van Antarktika, hoort weer daar. In die ys en die koue. Bring dit Namibië toe, na die woestyn toe, dan sterf dit daar.

Die Bybel sê: God se mense, die wedergebore volgelinge van Jesus Christus, is ’n nuwe mense-ras. Hoor hoe sê 2 Kor. 5:17 en 18a dit: “Iemand wat aan Christus behoort, is ’n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit alles is die werk van God.”

Ef. 2:14 en 15 sê dit so: “Christus is ons vrede, Hy wat dié twee, Jode en nie-Jode, een gemaak het. Deur sy liggaam te gee, het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos ’n muur skeiding gemaak het. Die wet van Moses met al sy gebooie en bepalings het Hy opgehef, en deur vrede te maak, het Hy in Homself dié twee, Jode en nie-Jode, tot een nuwe mensheid verenig.”

Die Bybel sê toe ons Jesus aangeneem het as Verlosser, het ons deel geword van hierdie nuwe ekklesia van Jesus. “Ekklesia” is die Bybel se term om hierdie deel-wees van die familie van volgelinge van Jesus te beskryf. Wat saam met mekaar deel in die gedeelde lewe in Christus. In die gedurige teenwoordigheid en onder die Hoofskap van Jesus Christus.

Natuurlik is hierdie familie gelowiges – waarvan ons nou deel geword het – ’n wêreldwye familie mense. Maar in die besonder is ons “naby-familie” in hierdie familie al die volgelinge van Jesus wat hier rondom ons woon en leef. Met ander woorde, ten minste almal van hulle wat daar in ons dorp of stad of omgewing woon.

Om baie prakties te wees: heelwaarskynlik is baie van hierdie “naby-familielede” van jou in ander “kerke’ of in ander “kerkdenominasies” daar rondom jou! In my direkte omgewing, byvoorbeeld, hier in die Helderbergkom, is my “naby-familielede” in Christus Jesus, in meer as 230 verskillende “kerke”!

Ekklesia-wees word dus nou ’n baie ingewikkelde en gekompliseerde besigheid as gevolg van die verskeurdheid en al die “kerksisteme” en selfs “kerklike verskille”!

Dit is nogal ’n mondvol, ek weet. Daarom moet jy dit miskien net weer lees. Anders gaan jy my nie mooi verstaan as ek verder gesels nie.

Kom ons sê net eers weer vir mekaar wat ons die afgelope maande uit die Nuwe Testamentiese verhaal oor die vroeë gemeentes (van 32 n.C. tot na 70 n.C.) vir mekaar gewys het.

Ekklesia, of kerk, is nie ’n gebou van klip en steen nie. Dit is ook nie ’n bepaalde “kerkdenominasie” nie. Dit is selfs nie eers ’n “kerklike” byeenkoms van die een of ander aard nie.

Ekklesia is vir elke volgeling van Jesus dit wat daardie “soutwater” of daardie “koue yspoolstreek” vir die katvis en vir die pikkewyn is. Daarsonder is ons eintlik besig om te sterf.

Hierdie familie-wees, saam-wees rondom Jesus, mekaar-dien, gereeld bymekaarkom met plaaslike gelowiges rondom jou, in vryheid, sonder die belemmering van al hierdie blokkasies wat al hierdie verskeurdheid en “kerkstrukture” veroorsaak, is die suurstof wat die volgeling van Jesus nodig het om

werklik te kan bestaan en werklik Bybels te lewe. Dit is ons natuurlike Bybelse habitat.

Die Here praat geweldig baie met my die afgelope tyd hieroor. Jy mag van my verskil, maar ek en baie ander oor die wêreld, is van oordeel dat ons vir bykans 1700 jaar, as gevolg van al ons mensgemaakte kerkstrukture, van ‘n groot stuk van ware ekklesia-wees beroof is.

Ek is van oordeel dat dit wat ons vandag “kerk” noem, maak dat God se volgelinge half vasgevang sit in kunsmatige, mensgemaakte sisteme en maniere van doen, wat nooit werklik ons Bybelse natuurlike habitat kan wees nie.

Ons doen ons bes om ekklesia-wees ’n werklikheid te maak met al die soorte byeenkomste en programme van allerlei aard, maar in werklikheid is dit soos om God se mense so “kunsmatig” aan die lewe te probeer hou.

Ek glo dit is waarom die volgelinge van Jesus wêreldwyd lyk soos ons tans lyk! Daarom gaan dit tussen ons soos wat dit daar gaan! Daarom bly gelowiges onvolwasse, en lyk en tree hulle so anders op as wat die Bybelse prentjie vertel ons behoort te lyk en op te tree.

Dit verduidelik, glo ek, waarom God wêreldwyd besig is waarmee Hy besig is. Daarom is Hy tans besig met ’n reformasie onder ons. En is Hy besig om ons manier van dink oor die ekklesia te verander.

Ons het die ware Bybelse ekklesia nodig. Hiersonder is ons besig om geestelik dood te gaan.

Daarom vra-soek so baie volgelinge van Jesus opnuut na ’n ware ontmoeting met die lewende God en ’n lewende Jesus Christus. Ons weet almal daar moet meer wees. In ’n sin soek ons almal na daardie meer… Ons soek net op verskillende plekke en verskillende maniere daarna.

Die Bybel teken vir ons 3 prentjies van hierdie “kunsmatige habitat” wat vir God se mense as die ware Jakob voorgehou word. In ons volgende geselsies gaan ons dit een vir een bespreek. Maar gaan ons ook saam soek na antwoorde op die vraag: Waarheen vir ’n ware Bybelse ekklesia-belewenis?

Dag 20 – Kom uit Egipte uit

Kom ek gesels vandag met jou oor een van die drie “kunsmatige habitats” wat vir God se mense as die ware Jakob voorgehou word.

Die Bybel noem dit sommer “Egipte”. Die Ou Testamentiese prentjie van hierdie “Egipte” kry jy daar in Eksodus 1 tot 14. Luister hoe word dit daar in Heb. 11:24 tot 27 vir ons geteken.

“Omdat Moses geglo het, het hy toe hy groot geword het, geweier om die seun genoem te word van die farao se dogter. Hy het verkies om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om die kortstondige genieting van sonde te hê. Die smaad ter wille van die Christus het hy ’n groter rykdom geag as die skatte van Egipte, omdat hy na die beloning uitgesien het. Omdat hy geglo het, het hy Egipte verlaat sonder dat hy vir die woede van die koning bang was. Hy het volhard soos iemand wat die onsienlike God sien.”

In “Egipte” sien ons God se mense wat besig is om “stene te maak” vir ’n “vreemde” baas of koning! Dit is wat mense in “Egipte” doen. In plaas van besig te wees met God se koninkryk en Sy huis op aarde, staan ons as’t ware in diens van allerlei ander “konings” en is ons besig om vir hulle bouwerk te doen.

Egipte, in hierdie sin in die Bybel, verteenwoordig nie soseer ’n plek nie. Dit is eerder ’n manier van dink en doen waarin, meestal sonder dat ons dit altyd besef, “die wêreld met al sy sisteme” gedien word. Dit praat van al die skatte en rykdom van die wêreld om ons. Al die gejaag na meer. Na groter en beter. Al die materialisme en kommersialisme. Dit praat van al hierdie geswoeg en gesweet om mense nog beter te vermaak en nog gelukkiger te maak.

Dit het soos ’n god geword in ons lewe en manier van doen. Dit is ook wat in die “kerk” wêreldwyd gebeur.

G’n wonder die kinders van God, met die lewe van Jesus Christus in hulle, sukkel so om werklik tot rus hierin te kom nie. Party van ons natuurlik meer as ander van ons.

Party van ons vind net nooit ware vrede en bevrediging hier nie. Daarom bly ons heeltyd honger en dors, ongeag hoeveel byeenkomste ons bywoon.

Gesels jy met gelowiges rondom jou, hoor jy hoeveel van hulle voel amper soos “slawe” wat vir ’n “harde baas” werk in baie van hierdie strukture. En in die proses, voel hulle, word elke druppel bloed en lewe stadig maar seker uit hulle uit gesuig!

Harde woorde! Dit skok ’n mens eintlik om dit veral uit die mond van geestelike leiers, dominees en pastore, te moet hoor!

Dit het my nog meer aan die dink en mediteer hieroor gesit. Daar aan die voete van Jesus met die Woord in my hande.

Ek het ’n baie sterk vermoede dat 1 Joh. 2:15 tot 17, onder andere, hieroor praat: “Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie. Die wêreldse dinge – alles wat die sondige mens begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op besit – kom nie van die Vader nie, maar uit die wêreld. En die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe.”

2 Pet. 2:18 tot 20 sê dit so: “Hulle is aanmatigend en sê sinlose dinge. Met wellus en losbandigheid verlei hulle die mense wat pas vrygekom het uit die kring van dié wat op dwaalweë verkeer. Hulle belowe vryheid aan hierdie mense, al is hulle self slawe van die verderf; want as iets jou in sy mag het, is jy sy slaaf. Mense wat van die besmettinge van die wêreld vrygekom het deurdat hulle ons Here en Verlosser, Jesus Christus, leer ken het, en wat weer daarin vasgevang en daardeur oorweldig word, is aan die einde slegter daaraan toe as aan die begin.”

Ek glo dit het tyd geword om weer erns te maak met die woorde van Jesus daar in Mat. 6:19 tot 21, en 24: “Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie. Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes dit nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en dit steel nie. Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees… Niemand kan vir twee base tegelyk werk nie. Hy sal óf die een minder ag en die ander een hoër, óf vir die een meer oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie.”

Hoe goed onthou ek die dag in my eie lewe toe God vir my as dominee en leraar moes vra: Vir wie dien en werk jy werklik in hierdie gemeente?

Ek het presies geweet wat Hy bedoel. Hy was immers vir maande lank reeds besig om my te bedien met “nuwe wyn”, daardie ou Bybelse waarhede wat Hy deur Sy Gees vars en nuut aan my bedien het. Lukas 5 sê mos so. Nou was daardie “nuwe wyn-waarhede” besig om my ou manier van dink en doen, my ou teologiese paradigmas, uit te daag om te verander.

Volgende keer begin gesels ek met jou oor “wat dan?”

Dag 21 – Nuwe wynsakke

Laas het ons vir mekaar gesê dat “die Egipte” waaruit ons as volgelinge van Jesus moet kom, nie ’n plek of bepaalde denominasie of kerksisteem is nie. Dit is eerder ’n manier van dink en doen. Dit is ’n manier van dink oor “kerk-wees” en ’n manier van “kerk-doen”.

Dit is wat moet verander.

Daarom gaan dit nie help dat al die volgelinge van Jesus uit al wat kerksisteme en denominasies padgee nie. Hoeveel keer het ons dit nie al gesien gebeur nie, net om te sien hoe daardie selfde mense êrens elders in die “vernuwing” eintlik presies weer met dieselfde ou dinge besig te raak! Net om maar net nog ’n nuwe kerk of nuwe groepie êrens te begin!

Hoe kom ’n volgeling van Jesus dan uit “Egipte” uit?

Ek glo dit begin daar waar ons God toelaat om ons gedagtes hieroor te vernuwe (soos Rom. 12:2 sê). Dit begin daar waar ons kies vir ’n Bybelse prentjie van kerk-wees of ekklesia-wees en dit dan doelgerig, prakties begin nastreef en implementeer.

As jy ontdek het wat in God se hart hier rondom is, kan jy nooit weer met iets anders as dit tevrede te wees nie.

Behalwe vir die beeld van “nuwe wyn” wat “hoort in nuwe wynsakke”, het Jesus dit ook beskryf as om te “eet” van die Lam van God en te “drink” van Sy bloed.

Dit is mos die Bybel se prentjie vir as ons toelaat dat die volle implikasies van die werklikheid van ons totale verlossing in Christus Jesus ons hele lewe begin deursuur. Ja, dat dit nie net ons van ons sondes verlos nie, maar ook ons gedagtes begin vernuwe. Sodat alle bande stelselmatig deurgesny word wat ons vasmaak aan ’n ou manier van dink en doen van hierdie wêreld.

Soos 1 Kor. 5:7 dit teken in terme van die simboliek van die Pasga-maal: “Verwyder dan die ou suurdeeg, sodat julle nuwe, ongesuurde deeg kan wees, en dit is julle ook werklik. Ons Paaslam is immers geslag: dit is Christus.”

As ons werklik iets verstaan van die Bybelse prentjie van ware ekklesia-wees, en hoe dit daar moet lyk en gaan, daag dit ons uit om te waag om God se Gees te vertrou om ons te lei in ware Bybelse vernuwing, waar ons ook al is as God se mense.

Die Bybel waarsku ons natuurlik dat baie van die kerkstrukture, -sisteme en teologiese paradigmas nie hierdie radikale verandering sal kan hanteer nie. Ons gaan beleef hoe “ou wynsakke” as’t ware begin “terug baklei” en die Bybelse vernuwing selfs teëstaan. Baie ou wynsakke sal net nie “nuwe wynsakke” wil of kan word nie.

Daarom gaan reformasie van die oue na ’n nuwe, Bybelse, net nie altyd sonder “rocking the boat” moontlik wees nie. Soms is daar ’n soort Bybelse rewolusie, ’n soort “uitstap uit die oue” en ’n “van vooraf oordoen” nodig.

Ons het dit immers reeds in die beginjare van die vroeë kerk van Jesus daar in Handelinge gesien gebeur. Toe die Joodse sisteme en sinagoges hulle begin

uitgooi, verban en vervolg het. Hulle kon eenvoudig nie meer daar die ware God, soos Sy Gees hulle lei, dien en volg nie.

Wat ook al die geval is, elke keer sal ons moet kies om “deur die Rooi See” te stap. Vir die eerste keer of by hernuwing. Wat niks anders is as ’n radikale bekering, ’n omdraai, ’n losmaak van ’n oue en al sy dinge is nie.

As ons werklik begin eet van die Lam en die lewe in Hom, en met Hom werklik begin gemeenskap hê, vul dit ons met nuwe lewe. Dit is wat vir ons krag gee en die lus gee om te verander, weg te stap en te los, kom wat wil.

Dit is ook merkwaardig dat, as jy dit begin doen, hoe jy ontdek jy is nie alleen nie. Oral om jou ontdek jy volgelinge van Jesus met dieselfde dinge in hulle hart. Ontdek jy dat jy inderwaarheid deel is van ’n groter groep, ’n hele familie mense, wat besig is om dit wêreldwyd te doen.

Dit is merkwaardig dat God in Sy alwysheid vir Sy mense geleer en aangemoedig het om so gereeld as wat hulle kan, hierdie “eksodus uit die oue na die nuwe”, as die hart van wat ware ekklesia-wees beteken, in hulle byeenkomste en saam-wees te vier.

In ons gewone spreektaal onder mekaar, noem ons dit sommer “die viering van die nagmaal”, of “die liefdesmaal van Jesus”. Waar ons, deur die eet van die brood en die drink van die beker, opnuut ons deel-hê aan die Lam en die lewe in Hom vier en herdenk.

Daar bely ons aan mekaar: Om volgelinge van Jesus in die ekklesia van Jesus te wees, beteken om elke dag ’n keuse om “uit Egipte uit” te gaan te moet maak. Maar ook is dit ’n stuk belydenis dat Egipte nog in almal van ons se bloed lewe. Ja, dat die enigste “oplossing” of verlossing daarvan daarin lê om maar net vaster aan die Lam en Sy lewe vas te hou!

Dag 22 – Babilon in ons midde

Luister na die woord van die profeet Sagaria aan die volk van God van destyds, wat ek glo ook vir vandag vir ons geld: “Kom, Sion, jy wat in Babel woon, kom weg daar!

So sê die Here die Almagtige wat my met volmag gestuur het na die nasies toe wat oorlogsbuit van julle gemaak het: Wie aan julle vat, vat aan my oogappel. Met een waai van my hand teen hulle gaan Ek hulle die gevangenes van hulle eie slawe maak. Wanneer dit gebeur, sal julle weet dat die Here die Almagtige my gestuur het.

Juig, Sion, wees bly! Ek kom, Ek gaan binne-in jou woon, sê die Here. Daardie dag sal baie nasies hulle aan die Here verbind: hulle sal my volk wees, en Ek sal in jou woon, Sion. Wanneer dit gebeur, sal jy weet dat die Here die Almagtige my na jou toe gestuur het. Daar, op die heilige grond, sal die Here weer vir Juda in besit neem as die volk wat Hom toekom, sal Hy Jerusalem weer sy woonplek maak.

Wees stil voor die Here, al wat leef! Hy kom uit sy heilige woning te voorskyn!” (Sag. 2:7 tot 13)

Tot sover Sagaria. Net ter agtergrond: Onder Josua se leierskap het God se mense die beloofde land, Kanaän, binnegegaan. Onder Koning Dawid het hulle die stad Jerusalem daar gebou. Onder Salomo se leiding is die tempel daar gebou. Toe volg die tragiese gebeure: Jerusalem word vernietig en die tempel gelyk gemaak met die aarde. God se mense word gevange geneem en Babilon toe geneem.

Die wortels van hierdie Babilon lê natuurlik in die “Babel” waarvan ons lees in Gen. 11:1 tot 9. Onthou jy, dit is waar die mense besluit het om ’n toring te bou wat tot in die hemel sal bykom.

Net so tussen hakies: Dit is interessant om te sien dat die toring daar in Babel gebou is van mensgemaakte bakstene. Terwyl God altyd, as Hy iets wou bou of laat bou, met natuurlike klip bou of laat bou het.

Lees jy verder, ontdek jy dat die motief agter die bou van hierdie toring was om ’n naam vir hulleself te maak! Daarom is dit betekenisvol dat die plek juis Babel genoem word, wat oorspronklik “chaos” of “mengsel” beteken het.

Babel, of Babilon, in sy moderne vorm, is altyd tekenend van die mens wat in sy eie krag, met sy eie pogings en metodes, by God probeer uitkom.

Daarom kan ’n mens sien waarom Babel of Babilon simbool kan wees van al die verskillende godsdienste en vorme van godsdienstigheid waarmee mense God, of dit wat hulle as god verstaan, wil tevrede stel. Natuurlik kan dit ook simbool wees vir georganiseerde, mensgestruktureerde godsdiens en godsdienstigheid.

Jy ken die res van die verhaal rondom Babel. Hoe God self die toring verwoes het en die bouers van die toring verwar het.

Hoekom dan? Omdat die motief agter die bouery God nie aangestaan het nie. Menslike planne, wysheid en kragtoertjies is nuttelose geestelike toertjies in Sy oë (Joh. 3:6; 15:5). Niks wat vlees is, kan Hom immers behaag nie.

Daarom is dit nie verrassend om te ontdek dat Babel of Babilon die prentjie van ’n vervalste “Nuwe Jerusalem” daar in Openbaring is nie. In Op. 18:16 ontdek ons

byvoorbeeld, dat Babilon getooi is in dieselfde materiaal as die Nuwe heilige stad. Die verskil was egter dat die materiaal hier deel was van die klere wat die hoer-vrou van Babilon aangehad het. Terwyl dit in die Nuwe Jerusalem deel was van die innerlike van die Bruid van Christus (Op. 21:18-21).

Babilon gaan dus oor die uiterlike, oor goed-lyk na buite en vir die mense. Terwyl Babilon eintlik verrot en korrup is na binne.

Die prostituut van Babilon gee voor om ’n bruid te wees deur te doen wat ’n regte bruid vir haar man sou doen. So probeer sy die harte van die mense verower. Sy gee voor om “geseënd te wees”, maar in werklikheid is sy niks anders as ’n vervalsing van die ware nie.

G’n wonder God sê vir Sy ware Bruid: "Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie aan haar sondes deel kry en die plae wat oor haar kom, julle ook tref nie.” (Op. 18:4)

God se mense moet ook vandag vir hulleself rekenskap gee oor waarmee hulle as die ware ekklesia of kerk van Christus dag vir dag besig is. Soveel daarvan is bloot uiterlike godsdienstige vertoon, leë, selfuitgedinkte menslike rituele en godsdienstige tradisies, wat in werklikheid die ware Jakob vervals en selfs teëstaan!

Dag 23 – Bou ons sinagoges en ons eie huise

Dit is aangrypend om te ontdek hoe die Bybel telkens die “ware Jakob” juis belig deur vervalsings daarvan daarnaas “neer te sit”.

Vir elke Abel is daar ’n Kain. Vir elke Isak is daar ’n Ismael. Vir elke ware Jakob is daar ’n Esau.

So het ons verlede keer reeds vir mekaar gewys dat die “vrou van Babilon” ’n vervalste weergawe is van die ware bruid van die Nuwe Jerusalem.

Wat moet dan ons houding teenoor Babilon wees?

God is baie duidelik hieroor: "Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie aan haar sondes deel kry en die plae wat oor haar kom, julle ook tref nie.” (Op. 18:4)

Paulus eggo hierdie selfde woorde daar in 2 Kor. 6:17 en 18 as hy daar vir gelowige volgelinge van Jesus sê: "’Gaan van hulle af weg en sonder julle af,’ sê die Here, ‘en moenie wat onrein is, aanraak nie.’ Dan sal Ek julle aanneem, en Ek sal vir julle ’n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees,’ sê die Here, die Almagtige.”

Van die begin af heers daar ’n oorlog in hierdie wêreld. Die hoofmotief van die begin af was om God se mense weg te hou van die volle seën wat in God se hart vir hulle is.

Daarom het die vyand alles in sy vermoë gedoen om die ou volk Israel uit die beloofde land Kanaän te hou.

Dink ons terug oor die tyd in ballingskap, toe Israel vir 70 jaar in Babilonië in ballingskap was, gryp ’n klomp goed jou aan. Ons onthou hoe al die heilige voorwerpe uit die tempel in Jerusalem weggeneem is en in die tempels van afgode geplaas is. Ons onthou verder hoe hulle daar in Jerusalem God as een volk op een plek kon aanbid. In Babilon, word hulle verdeel en versplinter oor die hele land. Daarom probeer die volk Israel “eenheid” skep deur op elke plekkie ’n “sinagoge” te begin waar hulle God kon aanbid.

Toe die tyd uiteindelik aanbreek vir die volk om terug te keer Jerusalem toe (waar die tempel in ruïnes gelê het), was die reaksie tragies! Van die oorspronklike sowat 2 miljoen Jode, keer uiteindelik net 50 duisend terug Jerusalem toe. Met ander woorde, sowat 2,5 persent! Die res het in Babilon agter gebly.

Waarom dan? Omdat hulle daar gemaklik geword het. Hulle het daar met besighede begin en selfs godsdienstige vryheid geniet. Waarom moes hulle, menslik gesproke, teruggaan na ’n land waar alles net ruïnes was?

Daar was net een probleem: God was in Babilonië sonder ’n tuiste. Al hierdie mensgemaakte strukture en sisteme (in die vorms van sinagoges) kon nooit ’n plaasvervanger wees vir wat God in gedagte gehad het nie. (Dit het immers daarin gegaan oor die mens en sy behoeftes, meer as oor God en wat Hy eintlik wou).

God wou nooit in Babilonië ’n huis vir Homself bou nie. Dit was nie deel van Sy plan nie.

Moenie ’n fout maak nie. In daardie sinagoges was mense wat God in alle opregtheid gedien en aanbid het. Baie goeie goed het ook hier gebeur. Dit was net

nie God se plan nie. Dit was ook nie Hy wat die inisiatief hiervan was nie. Dit was mensewerk, menslike organisasie en menslike pogings.

Natuurlik het God ook daar in Babilonië omgesien en gesorg vir Sy mense. Hulle kon egter nooit daar Sy volle seën belewe nie, want God het dit vir elders vir hulle bedoel.

Daarom hoor ons hoe Hy selfs later, aan die deel van Sy volk wat teruggekeer het na Jerusalem, gesê het: “So sê die Here die Almagtige: Neem ter harte wat met julle gebeur. Gaan haal hout in die berg en herbou my huis sodat Ek my eer kan ontvang en tevrede kan wees, sê die Here.

Julle het ’n groot oes verwag, maar min gekry, en wat julle nog huis toe gebring het, het Ek laat verdwyn. Waarom? Vra die Here die Almagtige. Omdat my huis in puin lê, terwyl elkeen van julle hard besig is om aan sy eie huis te werk.”

Daarom roep die Bruidegom ook die moderne Bruid van Christus vandag op nie net om “uit Babilon” te kom nie, maar om seker te maak waarmee hulle nou besig is.

Is dit waarmee hulle besig is werklik God se plan, of is dit maar net weer menslike organisasie, self-uitgedinkte strukture en besig-wees wat ons “kerk” noem?

Dag 24 – Is jou tent êrens in die wildernis opgeslaan?

Daar is ’n derde plek waar ’n hele klomp Christene vandag hulle “geestelike tente” opgeslaan het.

Die Bybel noem dit “wildernis” of “woestyn”.

Elke Christen wat al probeer het om “Egipte” en/of Babilon te verlaat, beleef vir ’n kort of langer tydperk in hulle geestelike lewe hierdie “deurtog” deur die wildernis/woestyn. Dit is onvermydelik!

Kyk ’n mens terug na die Ou Testamentiese prentjie, sien ons hoe God se mense deur die wildernis moes reis van Egipte na Kanaän toe. Dieselfde was die geval toe hulle jare later van Babilonië terug na Jerusalem toe moes gaan na die jare van ballingskap.

Vir my lyk dit dat die reis deur die wildernis deel is van God se plan vir Sy mense oppad terug na waar hulle eintlik hoort.

Wat verder belangrik is om raak te sien is dat die reis deur die wildernis net bedoel was as ’n deurtog. Dit was nie hulle eindbestemming nie. Hoe lank jy daar gaan bly, is jou eie keuse, of as gevolg van jou eie keuses.

Israel se eerste deurtog deur die wildernis sou uiteindelik 40 jaar duur as gevolg van hulle eie ongeloof (kyk maar Heb. 3:15-19; 4:1-11). Terwyl dit eintlik ’n reis was wat normaalweg sowat 11 dae geduur het (kyk Deut. 1:2).

Die tyd in die wildernis is net tydelik, behalwe as jy besluit om jou huis daar te bou.

God se plan is om vir jou en my ’n pad uit die wildernis uit te bou.

As daardie dag kom, moet jy weet, gaan jou geloof getoets word en sal jy bereid moet wees om die prys te betaal.

Daarom wil baie nie die pad stap en die keuses maak as daardie dag kom nie.

God se plan is en bly dieselfde. Naamlik om Sy werklike tuiste tussen Sy mense in die Beloofde land te kan hê. Selfs destyds, tydens hulle verblyf vir 40 jaar in die woestyn, toe Hy vir hulle ’n tabernakel daar laat bou het, was dit ’n tabernakel wat opgepak en vervoerbaar was. Hulle moes die hele tyd daar in die woestyn onthou hulle is oppad! Dit was nie die eindbestemming dié nie!

Kan ek ’n verdere paar opmerkinge oor die deurtog deur die wildernis mag maak – al is dit net vir diegene wat tans iets daarvan in hulle eie lewens beleef!

Van die lesse wat ’n mens daar in die wildernis leer is die volgende:

God sorg altyd vir Sy mense. Selfs in die wildernis. As ons, as Nuwe Testamentiese volgelinge van Jesus, ons vir ’n tyd in die “wildernis” bevind, beleef ons hoe God ons met Christus en die lewe in Hom deurentyd bedien. Selfs al is ons nie presies waar ons moet wees nie.

Die oorvloed wat God vir ons in gedagte het, gaan ons ongelukkig nie hier in die wildernis beleef nie. En wel om ’n paar redes:

Toe God se volk destyds in die wildernis vir die eerste keer was, oppad uit Egipte na Kanaän toe, het God vir hulle bonatuurlik water uit ’n rots en brood uit die hemel

gegee. Die brood was “manna” genoem. Die manna kon hulle dan net een keer per dag, vir ses dae van die week, gaan optel. Die ander tye was dit verbode om dit te gaan optel.

Daar in die wildernis, destyds, het Israel, na ’n tyd, moeg geword vir elke dag se manna-eet en om net water te drink. So gaan ek en jy, in ons wildernis-tye, ook beleef dat ons “moeg word" vir die dieet wat ons tydens sulke tye mee tevrede moet wees. Gaan ons, soos Israel destyds, geneig wees om te murmureer daaroor. God se plan vir ons is dat ons nie werklik versadig kan word deur een soort kos en net water nie. Dit was net bedoel vir ons wildernis-tye. Daarom kan ons nie vir ewig daar bly nie.

Daarteenoor, in die Beloofde Land, is al hierdie oorvloed en verskeidenheid vir ons beskikbaar.

Dit is waarom, as ons sou kies om in die wildernis te bly, ons uiteindelik daar gou sou sterwe.

Volgende keer gesels ek verder hieroor.

Dag 25 – Die wildernis-tye is bedoel om ons te laat de-toks

Ons is besig om met mekaar te gesels oor daardie “wildernis-tye” wat ons beleef as God ons uit ’n “Egipte-tyd” of ’n “Babelonië-tyd” in ons geestelike lewe lei.

As mense van God, wat in geloof gekies het om Jesus Christus as Here en Verlosser vir die res van ons lewens te volg, het God bedoel dat die ware Bybelse ekklesia ons normale daaglikse leef-wêreld sal wees. Daar kry ons alles wat ons nodig het om van te lewe. Ons “lewe” nie net daar nie, maar lewe daar in “die oorvloed” wat God vir ons in Sy hart bedoel het!

Ongelukkig dink ons mos altyd ons weet beter. Daarom bou ons hierdie kunsmatige habitats, soos ’n Egipte of ’n Babilonië, waaruit God ons dan later moet kom lei deur die werking van Sy Gees. In werklikheid het ons stelselmatig daar doodgegaan en is ons daar beroof van die “oorvloed” wat God vir ons eintlik bedoel het (wat nooit daar aan ons bedien kon word nie).

Daarom kom die meeste van ons êrens in ons geestelike volg-van-Jesus as Verlosser en Here, op ’n plek waar ons beleef dat God ons uitdaag om al die kerklike mensgemaakte strukture en tradisies, wat ons oor die jare om ons gebou en aan gewoond geraak het, te los, en “ uit te stap”.

Ons het ook vir mekaar gesê dit beteken eintlik dat ons Hom moet toelaat om ons gedagtes en manier van dink oor die kerk te verander.

Om bloot die kunsmatige habitats, soos ’n Egipte of ’n Babilonië, te verlaat, is nie genoeg nie. Om werklik te verander en los te kom van alles wat ons daar geleer en aan gewoond geword het, het ons tyd in ’n soort geestelike wildernis nodig.

Ja, soos in Jesus se lewe, ter aanvang van die nuwe fase van bediening, gaan God se Gees ons eers vir ’n tyd wildernis toe lei.

Sien, om ons uit Egipte en uit ’n Babilonië te kry, moet God, deur die werking van Sy Gees, eers Egipte en Babilonië uit ons uit kry!

Die tyd in die wildernis is ook bedoel om ons te toets, te sif en ons hart los te maak van al die ander dinge, en om ons te leer om net aan Christus Jesus vas te hou.

Dit is bedoel om ons te verlos van al daardie geestelike bagasie wat elkeen van ons uit ’n Egipte en uit ’n Babilonië nog steeds met ons heelpad saamdra. Dit is dus bedoel as die plek waar ons, geestelik gesproke, moet de-toks!

So baie keer dink ons gelowige volgelinge is en beleef net “wildernis” as gevolg van sondes in hulle lewens. Dit is egter nie waar nie! Soos wat God se Gees Jesus “wildernis” toe gelei het – ja, Hy doen die lei-werk soontoe soms – so is tyd in die wildernis ook die pad waarmee die Gees van God ons lei oppad na die nuwe seisoen of Kanaän-tyd in ons lewe.

Kom ons dink vir ’n oomblik ’n bietjie aan iemand soos Johannes die Doper en sy bediening destyds.

Die mense moes vrywillig wildernis toe gaan om sy boodskap daar te kon hoor. In Johannes se dag was God klaar met Judaïsme. Hy was klaar met daardie ou

wynsak. Daarom roep God deur ’n Johannes Sy mense uit die Judaïsme uit (wat die georganiseerde godsdiens van die dag was) sodat hulle vry kon wees om Jesus en Hom alleen te volg. Hulle moes hulle bekeer van al daardie godsdienstigheid, met al die wette en reëls, om terug te kan keer na ’n intieme, daaglikse liefdesverhouding met die Lam, Jesus, die Christus.

Elkeen van Jesus se dissipels moes hierdie keuse maak. Moes kies, wanneer hulle Jesus Christus, die Lam van God, ontmoet het, om hierdie ou wynsak te los (waaraan hulle so gewoond was) en kies om net vir Jesus as hulle nuwe Here en Verlosser te volg vir die res van hulle lewens (kyk Luk. 5:37 tot 39).

Laat God se Gees toe om dit in jou hart in te brand: Ons kan nooit die oorvloed van die nuwe beleef (wat God vir ons in gedagte het nie) as ons nie die oue ten volle laat gaan het nie!

Ou wynsakke wil nie gelap word nie! God kan ook nie nuwe wyn in ou wynsakke gooi nie.

Daarom is tyd in die woestyn deel van God se plan om ons te verander.

Dag 26 – As ons klaar ge-detoks het, kan ons tuis-kom in die ekklesia

God gebruik die tyd in die wildernis, oppad uit ŉ "Egipte" en/of ŉ "Babilonië", om Sy mense geestelik gesproke te laat de-toks! Om die ou reste van Egipte en Babilonië uit ons uit te kry.

Ons sien dit ook in Paulus se lewe gebeur as nuwe volgeling van Jesus. Kort na sy bekering en ontmoeting met Jesus daar op die Damaskus-pad, lei God se Gees hom vir 3 jaar na die woestyn in Arabië (gaan lees Gal. 1:17 en 18 hieroor).

Onthou, Paulus was vir al die jare voor sy bekering hierdie oud-Fariseër en skrifgeleerde, vol selfregverdiging en hoogs godsdienstig. Daarom was ŉ geestelike de-toks dringend noodsaaklik in sy lewe sodat God hom verder effektief kon gebruik. God moes hom, deur die werking van Sy Gees in hom, de-toks van al die jare van godsdiens en teologiese vooropgestelde ideë! Hy moes hom verder uitlei uit tipiese Ou Testamentiese, ou verbond-denke, en inlei in die Nuwe Testamentiese realiteite wat nou gegeld het na die koms, dood en opstanding van Jesus Christus, die Messias. Hy wat Paulus was, moes immers die "tuinslang" wees waardeur God se Gees hierdie Nuwe Testamentiese openbaringe aan Sy ekklesia oor die wêreld, wou bedien.

Die wildernis/woestyn is daar om ons te verander. Daar ontmoet God ons soos nooit tevore in ons lewens nie. Daar leer ken ons, soos ŉ Paulus, Jesus Christus as't ware van aangesig tot aangesig (kyk gedeeltes soos Gal. 1:11-12; 2 Kor. 4:6). Daar kom God en openbaar Homself en Sy hart aan ons. Maar ook net gedeeltelik, want dit is en bly die wildernis en net ŉ deurroete dié! Dit was eers in die regte en ware habitat, daar in die ekklesia (of gemeente) in Antiogië in Sirië, waar Paulus die volheid van Jesus Christus leer ken en ervaar het.

Die wildernis-tye in ons lewe is net die begin van nuwe geestelike seisoene in ons lewens. Na hulle 40 jaar in die woestyn, lei ŉ Josua God mense die nuwe geestelike seisoen in Kanaän, die Beloofde Land, in. In Hosea se dae, lei God Sy mense deur die wildernis ŉ nuwe seisoen binne waar Hy hulle van nuuts af leer om Hom, en Hom alleen, lief te kry (Hos. 2:14). Na Israel se tyd in Babilonië, praat God van ŉ nuwe pad terug, deur die wildernis, wat gebou sal word sodat Sy volk terug "huis toe" kan kom.

So was Johannes die Doper die begin van ŉ nuwe era waarin God se ou volk, saam met al die nasies van die wêreld, voorgestel word aan die langverwagte Messias en die nuwe era wat Hy ingelei het.

Enige tyd in die wildernis langer as wat jy nodig het om te de-toks, is vermorste tyd! Die wildernis is immers bedoel as die tyd en plek waar God jou wil verlos van jou beheptheid met Egipte, met al sy gefokus-wees op die materiële en in-diens-wees-van-ander-konings. Of dit was bedoel as die tyd om jou te verlos van Babilonië en al sy mens-uitgedinkte en mens-gerigte metodes, strukture en tradisies. As God klaar is daarmee, dan moet jy uit die wildernis uitkom. Dan is die ware Bybelse ekklesia die habitat wat jy nodig het om lewe en oorvloed te kan beleef wat God vir jou in gedagte het.

Dan het jy nodig om saam met ander volgelinge van Jesus Bybelse ekklesia, en die lewe in die ekklesia, te beleef! Dan het jy nodig om saam met ander gelowige volgelinge, Jesus in ons midde as ŉ lewende, sprekende, werkende Verlosser, Here en Doper met die Gees, te beleef. Waar alles net oor Hom gaan en waar Hy vrylik kan doen wat Hy wil doen deur Sy Gees.

Waar Hy vrylik, sonder blokkasies self jou kan bedien. Of dit nou plaasvind direk deur Sy Gees, of deur die gawes deur ander medegelowiges, of deur die deur die vyfvoudige bedieningsfigure wat Hy self daarvoor toegerus het – apostels, profete, herders, leraars en evangeliste. Hy is daar om self Sy mense toe te rus en te bedien. Om hulle so gereed te maak vir hulle bediening onder mekaar en teenoor die wêreld (kyk Ef. 4:11 tot 16).

Daarom moet die deure en vensters van die ware ekklesia altyd hiervoor oop wees. Sodat die gesalfde toerusters kan kom en gaan soos die Gees hulle lei en hulle wil gebruik om Sy Liggaam toe te rus vir hulle bediening.

Daar gaan ons leer om mekaar lief te hê en gaan ons lief-gehê word. In woord en daad. Daar gaan ons leer dat ons, as Jesus se gelowige volgelinge, almal deel is van die een, wêreldwye ekklesia van Jesus, waar ons almal van mekaar bloedfamilie in Jesus geword het.

Kan ek reguit wees? Op geen ander plek as dit, gaan jy ooit werklik rus vind nie of werklik geestelik volwasse word nie. Die nuwe spesie, waaraan jy behoort, het nodig om met ander volgelinge van Jesus oor Jesus te praat en by hulle van Hom te hoor. Jy het nodig om te leer om lief te hê tussen mense in wie se lewe dit net oor Jesus gaan en vir wie Hy alleen die Hoof en Here is. Waar daar liefde, vreugde, spontaniteit is. Waar daar al daardie dinge is wat deel is van die DNA van die ware Bybelse ekklesia. Dit is waarna ons almal verlang.

Kom ek sluit hierdie gedeelte af deur te sê dat om uit te beweeg uit Egipte en/of Babilonië, deur die wildernis heen, altyd ŉ prys in ons lewens kos. Dit gaan altyd vir jou in een of ander moeilikheid bring met die mense om jou. Sy dit jou geliefdes, of jou familie, of selfs geestelike leiers wat nog in hulle eie lewens en gedagtes vasgevang sit in ou wynsakke.

Daarom moet jy jou maar regmaak vir al die praatjies, geskinder en kritiek, wat gaan kom in hierdie tyd. Moet ook nie verbaas wees as jy moet doen soos die Hebreërskrywer dit beskryf daar in Heb. 13:13 en 14 nie: “Laat ons dan nou uitgaan na Hom toe buitekant die laer en die smaad dra wat Hy gedra het, want ons het in hierdie wêreld geen vaste verblyfplek nie, ons is op soek na die toekomstige.” Sodat jy kan deel wees van die huis waarin God self tussen Sy mense wil woon en werk.

Dag 27 – So lyk die bouterrein vir die ekklesia van Jesus

Kom ons gaan kyk ŉ bietjie hoe lyk die “bouterrein” waar God Sy huis, die ekklesia van die Nuwe Testament, vir en met Sy volgelinge wil bou.

Met ander woorde: hoe lyk die natuurlike “habitat” waar ek en jy saam met ander volgelinge van Jesus werklik lewe, en dit in oorvloed, kan beleef?

Ons het reeds ons uit geselsies vorige kere gesien dit kan nooit in Egipte of Babilonië gevind word nie. Ook nie in die wildernis of woestyn nie.

God se “bouterrein”, waar ons werklik ekklesia kan wees en beleef wat in Sy hart vir ons is, kan net in Kanaän, die beloofde land, gebeur. Net daar kan Christus Jesus nie net lewe aan ons bedien nie, maar lewe in oorvloed.

Dit gebeur waar ons ontdek Jesus is ons Al-genoegsame Bron vir elke behoefte wat ons mag hê in alle omstandighede. Hy is die Fontein vir Lewe, waarmee ons ook mekaar in die Liggaam kan bedien. By Hom, in ons en tussen ons, ontdek, ontvang en beleef ons daardie alles-oorrompelende liefde vir en liefdesverhouding met Hom wat die lewe die moeite werd en ŉ vreugde maak.

In die mate wat Hy die Alles en die Enigste is waarom alles in ons eie persoonlike lewe, maar ook in die ekklesia, draai en waarop alles gerig en gemik is, in daardie mate ontdek ons word ons bedien met alles wat ons nodig het.

Dan het ons ook iets om aan ander te gee. Dan beleef ons saam groei, vitaliteit, krag, genade, lewe, liefde, verlossing en al die ander dinge wat ons en ander nodig het.

Kanaän word mos nie verniet die land van melk en heuning genoem nie.

Weet jy dat dit 21 keer so genoem word in die Ou Testament?

Dit is ŉ prentjie vir die oorvloed, “wealth”, voorspoed, geluk, behaaglikheid, vrede, vreugde en tevredenheid wat God vir ons wil teken wat in Sy hart vir ons is.

Kanaän verteenwoordig dit wat Paulus, daar in Ef. 3:8, die “onpeilbare rykdom in Christus Jesus” noem, of daar in Ef. 1:3, “al die seëninge van die Gees” noem.

Kom ons kyk ŉ bietjie hoe word Kanaän in die Bybel vir ons beskryf, en probeer om so ŉ beter prentjie te kry van hoe die ware natuurlike habitat vir die ekklesia behoort te lyk.

Volgens Eks. 3:8 en Deut. 8:7 tot 10, en in die lig van alles wat ons s’n is in Christus Jesus as Nuwe Testamentiese volgelinge, kan ons die volgende dinge van die “bouterrein in Kanaän identifiseer:

Daar is ruimte. Ons gaan met Christus Jesus in en tussen ons, ontdek dat daar groot genoeg plek is waar God Sy rykdom van genade onuitputlik en onophoudelik aan ons kan bedien.

Daar ontdek ons God is goed. In Christus en in ons verhouding daagliks met Hom en met Hom in mekaar, gaan ons o, so bewus word van God se goedheid en perfektheid elke dag (Ps. 136; Fil. 3:8).

Daar is daar water wat lewe gee. Christus Jesus, deur Sy Gees wat in ons woon en werk, is hierdie stroom en fontein borrelende water wat nie net ons gedurige dors les nie, maar wat lewe deurentyd aan ons bedien (Joh. 4:10-14; 7:38).

Volgende keer gesels ons verder oor hierdie prentjie van Kanaän.

Dag 28 – So lyk die bouterrein in Kanaän

Ons is besig om vir mekaar te teken, na aanleiding van die Bybelse beskrywing van Kanaän daar in onder andere Eks. 3:8 en Deut. 8:7-10, hoe lyk dit daar waar God die ware Bybelse ekklesia, of gemeente, of kerk, van Jesus Christus bou.

Behalwe al die eienskappe van die "bouterrein" wat ons laas vir mekaar gewys het, sien ons ook die volgende dinge daar:

Daar is valleie en bergtoppe. In Christus Jesus, en ons wandel met Hom, gaan ons ontdek dat daar beide die vallei-ervarings, van swaar en pyn, as die bergtop-ervarings, van oorwinning en opwinding, is (2 Kor. 4:11-12; 6:9-10).

Daar is ook koring. Koring, en spesifiek die pad wat die koringkorrel moet loop om uiteindelik meel en brood te word, herinner ons aan Christus Jesus se woord van "sterf soos 'n koringkorrel" en sterf aan onsself. Hoe treffend beeld die saai van koring, die oes van die koring, die maal van die koringkorrels, en dan die knie van die meel en bak van die brood dit nie uit nie. Alles oppad om uiteindelik brood en lewe te kan verskaf aan ander.

Daar is daar brood. Christus is ons Brood. Hy is, soos brood, die basiese van basiese Voedsel wat ons honger stil en lewe en krag verskaf vir ons reis op aarde.

Daar in Kanaän groei en floreer wingerd met die meegaande wingerdstok-ervaringe. Dit beteken ook dat die vrug van die wingerdstok, en spesifiek wyn, tekenend is van die "oorvloed" en seën van God wat hier heers. Jesus word immers nie verniet die "ware Wingerdstok" (Joh. 15:1-5) genoem nie. Hy is ook die geparste druif en die inhoud van die nuwe wyn wat vreugde en blydskap aan Sy volgelinge verskaf (kyk ook Ps. 9:13; Ps. 104:15).

Daar is 'n oorvloed vrugte, onder andere vye en granate. Christus Jesus, en ons verhouding met Hom in en tussen ons, is ons soet. Sy karakter is die vrug van die Gees van God se werk in ons lewens (kyk ook Rigt. 9:11; Gal. 5:22-23).

Daar is 'n oorvloed olyfbome en olyfolie te vind. Christus Jesus is die Messias, die Gesalfde Een wie ook die Doper met die salwing en die olie van die Gees is (Eks. 29:7; Ps. 133:1; Hand. 1:5; 2:32-33).

Kanaän staan immers bekend as "die land van melk en heuning". Daar is dus baie melk. Christus Jesus is die hoofbestanddeel van ons voeding wat nodig is om ons geestelik te laat groei sodat ons volwasse kan word as Sy volgelinge (1 Kor. 3:2; Heb. 5:12; 1 Pet. 2:2).

En dan is daar heuning te vind. Waar ons ons kan verlustig aan die soetigheid en wonder van hemelse heuning. In die ekklesia is Christus ons heuning uit die hemel uit. Hy is die Bron en die hart van waarom ons bekend kan staan as plesierige en tevrede mense (Ps. 19:10; 81:16).

Ja, ons het inderdaad in Christus Jesus, in wie Hy is en wat Hy vir ons gedoen het, en wat Hy tussen ons steeds doen, toegang tot daardie "melk en heuning" wat God belowe het.

Uit alles in Hom kan ons put en kan ons lewe.

In Hom is alles wat ons reeds ontvang en geërf het. Ook alles wat nog in die stoorkamers van die hemel vir ons gereed-lê net om van te vat en van te begin lewe in die geloof.

Daarom is Hy daardie “onpeilbare rykdom” waarvan ’n Paulus daar in Ef. 3:8 praat.

In die mate wat ons daaruit put, en dit aan ons bedien word, het ons iets om aan mekaar en ander te kan bedien.

So bou God Sy ekklesia daar op Sy uitverkore bouterrein.

Dag 29 – Kom ons vat die land

Kanaän, en alles wat Kanaän behels vir die Ekklesia van Jesus vandag, word net ons s'n as ons dit in geloof vat en met niks anders as dit tevrede is nie.

Dit is wat ons soek. Die ekklesia-ervaring in Kanaän is immers wat ons weet en glo in God se hart vir ons as Sy nuwe geslag volgelinge is.

Geloof is die manier hoe ons deel kry aan Christus Jesus as die Al-Bron vir al ons behoeftes. Geloof is ook die manier hoe ons deel kry aan hierdie ekklesia-ervaring wat in God se hart vir ons is.

Maar geloof is ook om oor te gaan tot aksie. Geloof is om alles wat jy tot nou toe in jou hande gehad het, neer te sit en met leë hande te vat wat God in Christus Jesus vir ons aanbied.

Rom. 4:7 sê (in my eie woorde) dat geloof beteken om daardie dinge wat nog nie bestaan en gesien kan word nie, te "sien" en daaroor te begin praat asof dit reeds daar is.

2 Kor. 5:7 sê daarom dat om 'n gelowige volgeling van Jesus te wees beteken "… ons lewe deur geloof, nie deur sien nie."

Bybelse geloof is om aan Christus Jesus en Hom alleen vas te gryp, en te weet en te glo dat dit vir ons genoeg is om werklik genotvol van te lewe.

Bybelse geloof is vertroue in God en in Sy Woord. Bybelse geloof is om ten volle te leun en te steun op 'n onsigbare Christus wat hier tussen ons is.

Ek wil ook met jou iets anders in die verband deel. Kom ek begin so. Toe God se mense in die woestyn was, het God hulle elke dag vir veertig jaar lank bonatuurlik gevoed. Elke dag was daar bonatuurlik manna vir hulle om te eet en was daar water vir hulle om te drink.

Toe hulle Kanaän binne gegaan het, het hierdie manna gestop en het God nie meer water uit rotse vir hulle gegee nie. Alles wat hulle nodig gehad het, was immers reeds in Kanaän. Hulle moes die nuwe land vat (wat hulle geglo het God nou vir hulle gegee het as eiendom) en dit begin bewerk, en begin lewe van die vrug wat daar in hierdie land vir hulle was en wat daar nog sou groei.

Dink net vir 'n oomblik saam met my hieroor na, want daar is wonderlike waarhede vir ons hierin opgesluit.

In die woestyn kom God na ons toe, maar in Kanaän is dit ons verantwoordelikheid om na Hom toe te kom. Dit is soos om te bid: Here, ek wil alles hê wat U vir my wil gee, en ek gaan nie ophou voordat ek dit alles het nie!

Toe ons babas was, het ons ouers ons gevoed en versorg. Toe ons volwasse geword het, moes ons self verantwoordelikheid neem vir onsself en onsself begin voed.

Dieselfde is die geval op ons geestelike reis op aarde as volgelinge van Jesus. Daar aan die begin van die reis, kort na ons bekering, het God bonatuurlik, deur ander gelowiges rondom jou, jou bedien en versorg. Maar daar kom 'n punt wat Hy wil hê jy moet opstaan in geloof en vat en doen wat jou verantwoordelikheid is.

Hy wil hê jy moet sien dat daar vir jou nou plek is in die groot bedieningspan mense wat mekaar en ander voed met die rykdom wat daar in Christus Jesus is.

Geloof is immers om oor te gaan tot aksie omdat jy glo dat dit alles deel is van wat God ook vir jou in gedagte het as deel van Sy ekklesia hier in “Kanaän”.

Dag 30 – Sy beelddraer

Dit is merkwaardig om te ontdek wat God se oorspronklike bloudrukplan vir die mens was. Kom ons lees dit net weer ’n slag saam uit Gen. 1:26-28: “Toe het God gesê: ‘Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip.’

God het die mens geskep as Sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep. Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: ‘Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip.’”

Het jy mooi gelees wat hier staan? Ek en jy was oorspronklik, voor die sondeval, bedoel om die sigbare “draers van God se beeld” hier op Aarde te wees! As ons na mekaar as mens sou kyk, moes ons ’n sigbare prentjie voor ons sien van hoe die onsigbare God eintlik lyk!

Dit is nie al nie. Ons was oorspronklik bedoel om God en Sy outoriteit hier op Aarde te verteenwoordig!

Op ’n baie besondere manier was God, daar in die begin, hier tussen ons en in ons teenwoordig. Die mens was as’t ware God se “huis” en “tempel” hier op planeet Aarde.

Alles wat nodig was om dit meer en meer ’n werklikheid te maak, was ook daar, daar in die begin.

Die Bybel gebruik mos hierdie merkwaardige woordprentjies om vir ons dinge te teken. Op die manier word diep geestelike waarhede in gewone alledaagse taal en beelde vir ons geteken om ons te help verstaan.

So staan daar dat as die mens, daar in die begin, begin eet het van die Boom van die Lewe en begin drink het van die water van die Rivier van Lewe, sou God die lewe uit Homself aan hierdie mens bedien. Dit sou hulle meer en meer verander om te wees en te doen wat hulle moes wees en wat hulle moes doen as beelddraers van God. In wie God woon. En so sou hulle werklik kon heers as Sy verteenwoordigers.

God se opdragte aan hierdie mens daar in die begin was, daarom, heel eenvoudig. Hoor hoe vertaal die Message-vertaling dit: “God blessed them: "Prosper! Reproduce! Fill Earth! Take charge!” Dan gee Hy vir hulle ’n vyfde opdrag: Pasop wat jy eet! Daar is net een boom waarvan jy nie moet eet nie, naamlik die boom van kennis van goed en kwaad!

Die tragedie egter was dat Adam en Eva juis van hierdie boom gaan eet het! Dit het gemaak dat hulle en hulle nageslag nooit werklik God se beelddraers kon wees wat hier op aarde kon heers nie. Alles as gevolg van die feit dat hulle van die verkeerde boom geëet het.

Daarom moes God hulle uit die tuin jaag en het hulle ook nooit uitgekom om te eet van die boom waarvan hulle eintlik moes eet nie, naamlik die Boom van die Lewe, wat in die middel van die tuin gestaan het nie.

Dit was altyd daar: propvol lewe, ewige lewe en oorvloed! Om enige mens wat daarvan sou eet, te bedien met die “lewe van God” en die “saad van God”.

Kom ek verduidelik ’n bietjie hoekom ek ook hier verwys na die “saad van God”.

Dit is interessant om te lees dat toe God die natuur en die diereryk geskape het, het Hy elke keer gesê dat dit vrugte en “na-sate” sal voortbring: elkeen na sy aard of saad! Met ander woorde, volgens sy soort. God doen en sê dit egter nie toe Hy die mens geskape het nie! Met hulle het God ’n ander plan gehad. Die mens was bedoel om die “beeld”, “tuiste” of “woonplek” van die lewende, onsigbare God op planeet Aarde te wees. Daarom wou God Sy lewe, Sy beeld en Sy saad en in die mens deponeer.

Dit is aangrypend om te ontdek dat van die Nuwe Testamentiese skrywers juis hierdie woord-prentjies gebruik om iets verder te verduidelik van die wonderwerk wat in elke volgeling van Jesus se lewe gebeur as God se Gees hom of haar wederbaar en verander in God se nuwe mense of “beelddraers” op planeet Aarde.

In 2 Kor. 5:17 beskryf Paulus ons as ’n “nuwe skepping”. Ons word dus as’t ware deur die werking van God se Gees in ons deel van ’n nuwe “mensegeslag”.

In 1 Pet.1:23 en 1 Joh. 3:9 sê Petrus en Johannes dat God deur die werking van Sy Gees, met hierdie nuwe lewe wat in Christus Jesus aan ons geskenk is, “onvernietigbare saad” in ons kom sit het! Sodat ons as God se “nuwe geslag beelddraers”, deur die wederbarende werk van God se Gees deur en in ons, deur ons getuienis en bediening aan ander om ons, “nakomelinge na Sy aard” kan “verwek”!

Alles omdat God, deur Sy genade in Christus Jesus, weer die Boom van Lewe tussen ons kom plant het, en ons in geloof daarvan kan eet!

Dag 31 – Eet van die Boom van die Lewe

Ons is besig om met mekaar te gesels oor die feit dat God, met Jesus Christus se koms na hierdie aarde, as't ware weer die Boom van die Lewe – soos daar in die begin met die skepping van die mens – hier tussen ons kom plant het.

Ons hoor hoe Jesus hierdie woord-prentjie gebruik as Hy ons uitnooi (en ek sê dit oor in my eie woorde): Ek is die Boom van die Lewe, wat vrug dra na My aard en beeld. Kom eet van My, sodat Ek julle met My lewe kan bedien. Sonder My kan julle niks doen nie. Sonder My kan julle nie lewe nie en ook nie My vrug dra nie (Joh. 15:1,4-5; 6:57).

Moet nou nie dit verkeerd verstaan nie. Om te eet van die Boom van die Lewe is nie bedoel om "harde werk" te wees nie. Dit is ook nie weer 'n hele klomp wette of reëls wat ons moet nakom nie. Inteendeel. Eet van die vrug van die Boom van die Lewe, en drink van die Water van Lewe in Jesus, is soos om tot rus te kom. Dit is soos om langs 'n tafel oorlopensvol te gaan sit en tot rus te kom. Alles is immers daar wat jy nou nodig het.

Hoor wat Paulus in die verband sê daar in Kol. 2:16-17,19-20: "Daarom moet julle nie dat iemand vir julle voorskrywe wat julle moet eet en drink nie, of dat julle die jaarlikse feeste of die nuwemaansfees of die sabbatdag moet vier nie. Dit is alles maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus… Uit Christus groei die hele liggaam, ondersteun deur die gewrigte en saamgebind deur die spiere, soos God dit laat groei. Julle het saam met Christus gesterwe en is dus dood vir die wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld. Waarom lewe julle dan nog asof julle aan hierdie wêreld behoort? Waarom gehoorsaam julle allerhande voorskrifte…"

Die Hebreërskrywer noem dit dan pertinent om "tot rus te kom" en selfs 'n "Sabbatsrus" daar in Heb. 4.

Jesus is dus ons Boom van die Lewe waarvan ons nou moet eet om te lewe. Hy is ons Fontein van lewende Water waarvan ons nou moet drink. Deur van Hom te eet en van Hom te drink, gaan ons verander word. Gaan God Sy lewe en Sy saad aan ons bedien. Dit gaan ons hier van binne-af verander. Dit gaan ons meer en meer verander om "familie" van God, "kinders" van God en "huis" van God te wees soos God reeds sê ons is.

G'n wonder die Bybel praat so baie van "eet en drink" van Jesus nie. Veral as dit oor ons as deel van die nuwe ekklesia van Jesus handel.

Gaan lees weer 'n slag gedeeltes soos Hand. 2, 4 en 5.

Dinge het daar rondom die etenstafel gebeur waar die gelowiges saam met mekaar, in Jesus se teenwoordigheid, geëet en gedrink het. Daar het hulle iets by Jesus ontvang om mekaar mee te bedien. Daarom het daar dinge gebeur as hulle saamgebid het, of kon hulle mekaar werklik liefhê.

Alles omdat Jesus daar in hulle midde was, en hulle as't ware van Hom gekry wat hulle nodig gehad het.

Kom ons dink 'n bietjie hieroor: Jesus is ons kos en ons drank. Sonder Hom kan ons nie lewe nie.

Wanneer ons eet, word die kos en alles in daardie kos, deel van ons. Ons liggaam se verteringsappe breek dit op om al die vitamines en energie vry te stel wat ons nodig het om van te lewe. So is dit as Jesus ons met Sy lewe en Sy Woord bedien. Wat ’n prentjie!

Elke keer as ons gaan sit om saam te eet en te drink as gelowiges, moet ons dit onthou. Ons is die beelddraer en woonplek van God op hierdie aarde. Ons is bedoel om hier as Sy verteenwoordiger te heers en te lewe. Ons kan dit ook doen en wees, omdat Jesus Christus saam met ons aan tafel is as ons saam is as gelowiges. Hy is die Een wat ons bedien met alles wat ons mag nodig kry.

Dag 32 – Eet van My

Dietrich Bonhoëffer was reg toe hy gesê het dat die boom van kennis van goed en kwaad (waarvan God daar in die begin by die skepping met die mens gepraat het) die wortel is waaruit alle godsdienstige en etiese sisteme in hierdie wêreld ontstaan het.

Daarom wou God nie dat Sy mense van daardie boom eet nie. God wou immers nie aan Sy mense ŉ godsdiens of een of ander etiese sisteem, met ŉ klomp dinge wat reg of verkeerd sou wees, gee nie.

Daarom, toe Jesus gekom het, was Hy nie bedoel as die Boom van kennis van goed en kwaad nie. Nee, Hy was die Boom van die lewe. Hy het nie gekom om aan Sy volgelinge (wat van Hom sou eet) net nog ŉ wêreldgodsdiens of net nog ŉ nuwe etiese gedragskode te gee waarvolgens hulle kon leef nie.

Hy het gekom om nuwe lewe aan ons te gee (kyk Joh. 10:10; Gal. 2:20; Kol. 3:4; 1 Joh. 5:11-12). Hy het God se lewe in ons, deur die werking van die Heilige Gees, aan ons kom bedien.

Daarom is die volgelinge van Jesus nie in die eerste plek geroep om volgens ŉ "Christelike manier" en volgens sekere Christelike etiese reëls te lewe nie. Ons is geroep om God se lewe, Christus se lewe in ons, uit te lewe.

In die mate wat ons dit doen en gehoorsaam is aan Christus in ons, en gehoorsaam is aan Sy stem as ons Hoof en Here, gaan die karakter van Jesus en die beeld van Jesus in ons vorm aanneem (Gal. 4:9).

Bonhoëffer het daarom gesê: Jesus het nie mense na ŉ nuwe godsdiens geroep nie, maar na ŉ nuwe lewe.

Dit gaan dus nie nou net oor wat reg en wat verkeerd of wat goed en wat kwaad is nie. Dit is ook nie genoeg net om hierdie dinge te kan onderskei nie.

Om dus te eet van die boom van kennis van goed en kwaad kan dus nooit genoeg meer wees nie. Ons het immers nie net "kennis" nodig nie. Ons het "lewe" nodig en spesifiek die "lewe en dit in oorvloed" wat net Jesus Christus en Sy lewe in ons aan ons kan gee. Net dit kan ooit die mens se honger en dors werklik effektief bedien.

As ons van enige ander boom sou eet, of probeer lewe volgens enige ander stel reëls oor wat goed of kwaad is, gaan ons altyd bedroë daarvan afkom. Gaan ons altyd misluk of ŉ mislukking voel. Gaan ons ons hele lewe skaam, of skuldig, of half-naak voel.

Reeds daar in die begin, was bloed wat vloei die manier hoe God Adam en Eva se skuld, skaamte en naaktheid bedek het. Reeds toe het God hulle nie – al was dit hulle skuld en as gevolg van hulle eie keuses – so gelos nie.

God het in en deur die koms van Jesus Christus, en deur wat Hy hier kom doen het, die finale, enigste en ware oplossing hiervoor kom bewerk. Hy het, soos destyds, finaal die bloed van Sy Seun laat vloei en so Sy lewe gegee om alles te

verander en alles nuut daar te stel wat nodig sou wees om die mens finaal te verlos van alle skuld, skaamte en naaktheid.

Daarom kan om te eet van die boom van kennis nooit genoeg wees nie.

Hoe maklik kan ons nie daarin verval en weer begin dink dit is die oplossing nie!

Hoeveel Afrikanermense probeer nie maar net om “goeie Christenmense te wees wat die regte dinge doen en op die regte manier lewe” nie!

Soveel mense dink verkeerdelik dat dit die “kerk” se taak sou wees om heeltyd te sê wat reg of verkeerd sou wees in hierdie lewe! Dat Christen-wees hierdie rasionele speletjie is van mense wat net heeltyd probeer doen wat “reg” sou wees in God se oë!

God het baie meer as dit in gedagte vir ons as Sy ekklesia.

Luister hoe beskryf Petrus dit daar in 2 Pet. 1:3 en 4: “Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlikheid en mag. Daardeur het Hy ons die kosbaarste en allergrootste gawes geskenk wat Hy belowe het. Daardeur kan julle die verderf ontvlug wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is, en deel kry aan die Goddelike natuur.”

Dag 33 – Jesus leef nou in my

Baie keer sê ons vir mekaar dat Christen-wees sou beteken om “soos Jesus te lewe”. Daarom dra sommige van ons ’n bandjie aan hulle arm waarop die letters WSJD staan, wat die anagram is vir “Wat sou Jesus doen?”

Wat sou Jesus doen as Hy in my situasie vandag was? Hoe sou Hy optree en wat sou Hy sê en dink?

Alhoewel ons almal verstaan wat ons bedoel as ons so sê en doen, moet ons miskien tog ’n bietjie hieroor nadink.

Dit is belangrik om, in die verband, mekaar te herinner daaraan dat Jesus, terwyl Hy op aarde was, self getuig het dat Hy geleef, gedoen en gesê het wat Sy Vader in en deur Hom wou leef, doen en sê.

Daarom is dit miskien meer korrek om aan mekaar te sê dat Bybelse Christen-wees nie soseer ons is wat “probeer” om te leef soos Jesus sou geleef het nie. Die hart van Bybelse Christen-wees is eerder om te glo dat Jesus self in ons woon deur Sy Gees, en dat Hy Sy lewe deur ons wil leef.

Daar in Gal. 5 sê Paulus dat dit prakties beteken dat ons die Heilige Gees wat in ons woon moet toelaat om totaal in beheer van ons hele lewe elke dag te wees.

Hoor hoe bely Paulus dit daar in Gal. 2:19 en 20: “… ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.”

Fil. 2:12 en 13 sê dit so (en ek haal aan uit die Ou Afrikaanse Vertaling): “Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam gewees het, nie in my teenwoordigheid alleen nie, maar baie meer nou in my afwesigheid, werk julle eie heil uit met vrees en bewing; want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.”

In Rom. 6: sê Paulus: “Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as ’n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil.”

Kom ons kom terug na die vraag waarmee ons die afgelope paar weke besig is: Wat of wie is nou God se “werklike huis of tuiste” hier op aarde?

Dan moet ons antwoord: Dit is gelowige volgelinge van Jesus wat geleer het, en elke dag steeds leer, hoe om Jesus ruimte te gee om deur die Heilige Gees in hulle Sy lewe in en deur hulle te leef.

As dit dan waar is, is die volgende vraag: Hoe word hierdie huis dan dag vir dag gebou?

Een van die woordprentjies waarmee Jesus self hierdie vraag antwoord is deur te antwoord: dit “gebeur” waar gelowige volgelinge “van Jesus” eet en drink, bedoelende leer lewe van die lewe waartoe ons toegang het deur Hom.

Dit gebeur dus ook waar ons leer hoe om ander gelowiges in geloof te laat fokus en te laat steun in geloof op Christus alleen, op Sy lewe, en wat Hy gedoen en gesê het, en op wat Hy nou doen en sê in en deur ons.

Kom ek gebruik een van die ander woord-prentjies wat die Bybel gebruik om hierdie gebeure vir ons te teken.

In die gewone lewe sê ons altyd dat gesonde mense, en veral gesonde families, is mense wat tyd maak om gedissiplineer saam te eet. So is dit ook in die familie van God. Daarom sien ons in die voorbeeld van die vroeg-Christelike gemeentes, hoe hulle daar rondom die etenstafel nie net fisiese kos en drinkgoed saam gebruik het nie, maar hoe hulle ook daar saam met mekaar geëet en gedrink het van Jesus, en van die lewe in en deur Hom. Dit gebeur dan prakties daar waar hulle mekaar bedien met die gawes van die Gees.

Waar dit gebeur, word God se huis stelselmatig gebou.

Soms dink party Christene dat Christen-wees net “oorlog” en “geestelike oorlogvoering” is. Hoewel dit deel van ons almal se ervaring van die Christelike lewe hier op hierdie stukkende aarde vol stukkende mense is waar die vyand nog ’n werklikheid is, is Christen-wees baie meer en baie ryker as net dit.

Vir ander Christen-gelowiges is Christen-wees weer God se gawes van die Gees wat deur en tussen ons werk, met wonderwerke en genesings wat plaasvind.

Tog moet ons vir mekaar sê: Bybelse Christen-wees is selfs meer as net dit.

Christus en die lewe in Hom, in ons persoonlike lewe en wanneer ons saam is as gelowiges, is soveel meer en soveel ryker as dit alles.

Daarom is dit juis ons lewenslange roeping en voorreg: Om juis hierdie onuitputlike rykdom wat daar in Jesus Christus is, te ontdek en te ontgin. Daar waar ons alleen saam met Hom is, en waar ons saam met ander gelowiges in Sy teenwoordigheid is.

Dag 34 – God bou met goud, klip en pêrels

Ons het die afgelope tyd met mekaar gesels oor hierdie tema wat ons in die Bybel kry, naamlik dat God êrens op hierdie aarde ŉ tuiste of ŉ woning wil hê.

In die laaste twee hoofstukke in die Bybel, Op. 21 en 22, kry ons hierdie prentjie van die finale woonplek van God. In ŉ sin is dit die klimaks van die ewige, jarelange bouproses waarmee God oor die eeue besig was.

ŉ Mens het byna nie woorde om presies te beskryf wat hier staan nie, maar kom ek probeer.

In hierdie twee hoofstukke ontdek ons God se woning is in werklikheid uiteindelik ŉ stad vol mense.

Lees jy ŉ bietjie verder, ontdek jy dit word ook geteken as die bruid van Christus, maar ook as ŉ tempel, wat ook ŉ tuin is.

Al hierdie multidimensionele beelde of prentjies het natuurlik hulle wortels in vroeëre beelde of prentjies wat God reeds in die Ou Testament gebruik het. Dit dwing ons natuurlik verder om die Bybel van vooraf met nuwe oë te lees.

Terug na die prentjie van hierdie tuiste of woning hier in Op. 21 en 22. Ons lees dat die "stad van God" uit goud, pêrels en kosbare klip gebou is.

Kom ons ondersoek ŉ bietjie hierdie woord-prentjies en hulle simboliese waarde vir ŉ oomblik.

- Goud

Goud is relatief skaars op aarde. Verder is dit waardevol en onvernietigbaar. Alhoewel dit omtrent alle druk kan weerstaan, is dit tog "soepel genoeg" dat een ons goud in ŉ goudplaat van meer as vyf meter gerol kan word.

Goud word gesuiwer deur vuur (1 Pet. 1:7). Hierdie stad is gebou van suiwer goud wat gelouter is deur vuur.

Net soos vir Jesus, het die Vader elkeen wat deel is van hierdie stad, gelouter deur vuur.

Goud, in die Bybel, simboliseer ook die lewe van God en die lewe en werk van Christus in en vir ons.

Beleef jy tans swaar, pyn en beproewing? Onthou dan die groter prentjie waarmee God ook in jou lewe besig is! Onthou dan die pad wat goud moet loop om gesuiwer te word om suiwer goud te word!

- Pêrels

Pêrels was nog altyd hierdie merkwaardige juweel. Natuurlik is dit baie skaars. Waar goud bykans vyfhonderd keer vermeld word in die Bybel, word daar net tien keer van pêrels gepraat.

ŉ Pêrel ontstaan as ŉ vreemde voorwerp in ŉ oester se sagte vleis beland. Dit wond natuurlik daardie oester. Die oester probeer daardie "wond" dan gesond maak of "beveg" deur dit met ŉ stof, genaamd "narce" (in Engels), te bedek. Soos wat

duisende lae van hierdie “narce” rondom daardie vreemde irritasie gevorm word, word ’n pêrel gevorm. Normaalweg neem dit van 7 tot 8 jaar, wat die normale leeftyd van ’n oester is.

Elkeen van ons gaan situasies beleef wat ons tot die dood toe irriteer, wat ons wond en seermaak, en wat ons op geen manier kan ontduik of van weg kan hardloop nie.

Dit is immers deel van hierdie lewe van ons op ’n stukkende aarde as ’n stukkende mens tussen ander stukkende mense.

Goddank, ook dit is deel van ’n groter plan, God se plan, wat nou hier ontvou as God se manier om “pêrels” te vorm (Rom. 8:28).

Ons kan dus kies om bitter te word oor die dinge wat met ons gebeur, of negatief word en heeltyd daaroor kla, of om ander te blameer, of ons kan in God se teenwoordigheid Hom toelaat om ons te genees. Dan beleef ons in die proses hoe God iets van die beeld van Christus in ons vorm. So word ons ’n pêrel met groot waarde (Mat. 13:45,46), waarvan God Sy woning, Sy stad se poorte van bou.

- Kosbare klip

In die Bybel is daar ’n duidelike onderskeid tussen klip, soos dit natuurlik in die natuur voorkom, en stene of bakstene wat deur mense gemaak en gebak word. As daar sprake is van iets wat God mee besig is, of iets wat God graag gebou wil hê, dan beveel Hy altyd dat natuurlik klip of kosbare natuurlike klip (edelgesteentes en half-edelgesteentes dus) daarvoor gebruik moet word.

Natuurlike klipformasies op aarde is oor baie eeue gevorm deur geweldige hitte en ondenkbare druk oor lang tydperke.

Kom ons raak prakties oor hoe God kosbare klip in ons lewens vorm. Een van die belangrikste metodes hoe God dit doen is deur ons saam met ander van Sy mense in ’n groep te sit en om dan ons opdrag te gee om “familie” vir mekaar te wees.

Geen wonder dit word so “warm” in die families van Jesus nie! Daarom voel ons soms so vasgedruk, geïrriteerd en onder druk en spanning! Ons is immers almal mense wat elkeen op sy eie nog baie stukkend, beskadig, rof en onbeskof is! Nou moet ons nog boonop saam met ander, wat net soos ek lyk en is, “familie van Jesus” word wat moet leer om mekaar lief te hê!

Hoe nader ons aan mekaar kom en hoe “dieper” die verhoudinge tussen ons, hoe erger kan die “druk en die spanning natuurlik word!

Volgende keer ’n bietjie meer hieroor.

Dag 35 – Hier is ook plek vir silwer tussen ons

Ons is besig om te kyk na die finale woonplek van God tussen Sy mense en spesifiek soos dit vir ons geteken word in Op. 21 en 22.

Soos ons vir mekaar reeds gesê het, bou God Sy finale woonplek tussen mense van goud, kosbare klip en pêrels.

Die manier hoe Hy dit prakties doen, is dat Hy ons met ons wedergeboorte en bekering deel maak van ŉ aardse lokale groep mense wat bestaan uit ander wedergebore, gelowige volgelinge van Jesus wat nou bedoel is om familie van Jesus vir mekaar te wees.

Jesus se opdrag aan ons is om mekaar lief te hê. Dit is al. Dit is die belangrikste wat ons met mekaar en vir mekaar kan doen.

Natuurlik is dit ŉ lewenslange leerproses.

Verder sê God gaan ons in hierdie proses veral geduld nodig hê.

Die Griekse woord vir geduld se letterlike betekenis is baie sprekend, naamlik dat ons bereid moet wees om vir ŉ lang tyd te ly!

Om mekaar te leer liefkry in ŉ plaaslike lokale familie van gelowiges beteken prakties om bereid te wees om saam met mekaar te ly en om nogtans te kies om mekaar nie te laat los nie!

Paulus gebruik die woord “geduld” agt keer as hy oor die familie van Jesus of die ekklesia praat. Hy moedig gelowiges aan om vas te byt en om bereid te wees om te ly in hierdie proses.

Die ander woord wat God gebruik as Hy praat oor ekklesia of familie-van-Jesus-wees-vir-mekaar, is die woord “volharding”.

Hoekom dan? Dit is eintlik logies. God is immers besig om deur wat tussen ons en in ons aan die gebeur is, kosbare klip te vorm!

Hierdie kosbare klip (edelgesteentes en half-edelgesteentes) wat in ons gevorm word in hierdie proses, is immers die “boustene” waarvan Hy Sy finale woonplek of stad bou.

Juis omdat dit soms nie ŉ maklike en deurentyd aangename ervaring is om deel te wees van die familie van Jesus nie, is dit baie interessant om te ontdek wat daar in 1 Kor. 3 in die verband staan.

In die beskrywing in 1 Kor. 3 oor die elemente waarmee God wil Sy woonplek tussen ons gebou moet word, word daar in plaas van pêrels, gepraat van silwer waarmee gebou moet word in hierdie woonplek of tempel.

Waarom die verskil in boumateriaal as ons dit vergelyk met Genesis 1 en 2 en dan ook Op. 21 en 22, se prentjie?

Om dit te probeer verduidelik, moet ons besef dat silwer in die Bybel altyd versoening en die versoenings- en restourasiewerk van Christus verteenwoordig en simboliseer.

So lees ons byvoorbeeld in 1 Pet. 1:18 en 19 die volgende in die verband: “Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop is uit julle oorgeërfde sinlose bestaan nie. Inteendeel, julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is.”

Ons lees ook hoe Judas Jesus vir die prys van ’n slaaf van destyds vir dertig silwerstukke “verkoop” het (vgl. Mat. 27:3-9 en Eks. 21:32 in die verband).

Dit is ook insiggewend om te ontdek dat die prys van versoening vir ’n lewe in die Ou Testament altyd in silwer betaal is (Num. 18:16).

Gaan lees ook in die beskrywing van die Tabernakel van destyds hoeveel van die voorwerpe óf van silwer gemaak moes word óf met silwer bedek moes word (Eks. 26:19-32).

As ’n mens dan vir jouself moet rekenskap gee waarom die prentjies van God se woonplek hier in 1 Kor. 3 verskil van die ander twee prentjies van Genesis 1 en 2 en dié van Op. 21 en 22, is die antwoord vir my baie logies.

Genesis 1 en 2 se prentjie beskryf dinge in die paradys voor die sondeval. Daar was toe nog glad nie sprake van sonde nie.

Openbaring 21 en 22 se prentjie van God se woonplek beskryf weer op hulle beurt iets wat ’n werklikheid geword het nadat God die Paradys nuut herstel het. Sonde het dus ook hier geen rol meer gespeel nie.

1 Kor. 3 speel egter teen die werklikheid af waarmee ek en jy daagliks te doen het. Dit handel oor wat hier tussen ons in die gebroke tussentyd, tussen Gen. 1 en 2 en Op. 21 en 22, plaasvind.

Sonde en sondes is hier nog ’n tragiese werklikheid. Hier is dus nog plek vir silwer in die tempel wat God besig is om tussen ons te bou. Hier is die versoening en restourasie wat Christus reeds bewerk het en wat Hy nog besig is om te bewerk, lewensnoodsaaklik vir dit wat daagliks hier tussen ons as gelowiges moet plaasvind.

Ek wil hierdie deel afsluit. God is met ons almal as Sy gelowiges volgelinge besig. Hy is besig om ons in die proses te leer wat ekklesia- of “kerk-wees” en familie-van-Jesus-wees prakties behels. Natuurlik is dit ’n moeilike proses. Dan is daar nog al die gemors wat God se Gees ons van bewus moet maak waarmee ons nog bo-op die fondasie van Jesus en Sy volmaakte werk gaan “bou” het in hierdie gebou.

In die proses leer God ons ook wat dit beteken om “Jesus te ken”, soos Paulus daarvan praat. Hy leer ons wat dit beteken om Jesus toe te laat om “Here” te wees waar Hy in beheer is deur Sy Gees. In die proses leer Hy ons om te sterf aan onsself en ons eie agendas. Hy leer ons om Sy koninkryk te soek en nie meer ons eie nie (ook nie ’n spesifieke groep of “kerk” s’n nie!).

In die proses leer ons van goud, kosbare klip en pêrels wat gevorm word deur ’n proses van hitte, geweldige druk en spanning. Ons leer ook prakties van die plek van silwer en versoening wat gereeld gedoen moet word en gesoek moet word waar stukkende gelowige volgelinge van Jesus besig is om te leer om mekaar lief te hê.

Maak dus plek sodat God Sy huis met alles wat nodig is, kan bou!

Dag 36 – Jesus was van ’n ander wêreld

In Joh. 18:36 sê Jesus: “My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie… As my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my onderdane geveg het sodat Ek nie aan die Jode uitgelewer sou word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie.”

Dit verander ’n mens se lewe om ’n slag dinge deur God se bril en van Sy kant af te sien. Dit verander jou verhouding met Hom, jouself en al jou broers en susters in die ekklesia van Jesus. Met ander woorde, dit verander jou prentjie van die “kerk” dramaties!

Ons het reeds gesien dat die “kerk” of ekklesia die “bruid” van Jesus Christus en die “tuiste” of “woonplek” van die lewende God op Planeet Aarde is.

Die Bybel gebruik natuurlik nog ander woord-prentjies om die ekklesia of gelowige volgelinge van Jesus Christus mee te beskryf.

Een van die mees aangrypende vir my is die beskrywing dat ons ’n “splinternuwe mense-spesie” is! Hoor hoe sê 2 Kor. 5:17 dit: “Iemand wat aan Christus behoort, is ’n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.”

Dink vir ’n oomblik hieroor na.

Stel jou voor ’n wese van elders in die ruimte van ’n totaal ander onbekende wêreld kom Planeet Aarde toe. Hy word gebore as seuntjie, manlik, maar tog totaal verskillende as ons. Hy word gebore as ’n Jood, maar in werklikheid is Hy glad nie ’n Jood nie. Hy is totaal uniek; ’n nuwe mense-spesie, as jy wil.

Hy lyk soos ons en dit is waar al die verwarring vandaan kom, want dit verwar mense om te dink dat hy net ’n gewone mens is.

Dit is ook die rede waarom hulle hom nie eintlik verstaan nie, al praat Hy Hebreeus soos hulle. Daarom verras en verbaas hy heeltyd die mense om hom deur wat hy doen en sê. Selfs as ’n twaalfjarige seuntjie het hy die leiers in die gemeenskap totaal verstom deur die dinge wat uit sy mond gekom het.

Toe hy ’n bietjie ouer as dertig was, begin hy in die openbaar rondbeweeg met ’n groepie volgelinge wat hom soos leerlinge volg. Elke nou en dan spreek hy letterlik honderde mense toe en doen hy die mees merkwaardige dinge tussen hulle.

Hy gesels met die mense oor die beginsels waarop dinge in sy wêreld funksioneer en wys vir die mense prakties hoe dit werk deur sy eie optrede.

Heeltyd sê hy dat hy deur ’n ander stem gelei word wat vir hom sê wat hy moet sê en doen.

Hy verduidelik vir die mense dat hierdie stem uit die wêreld is waar hy oorspronklik vandaan kom.

Hy sê selfs dat hy deur dit wat hy hoor, gevoed word. Dit is letterlik soos kos wat hy “eet”, wat hom “voed”!

Al hierdie dinge veroorsaak natuurlik dat die mense hom glad nie verstaan nie en dat hy nog meer ’n totale misterie vir hulle is.

Verder is sy boodskap baie uitdagend. Dit daag die status quo van sy dag uit, asook die Jode se verstaan van die Ou Testament.

Sy boodskap raak ook ander dimensies van die lewe: polities, sosiaal en godsdienstig.

Wat verder interessant is, is dat hy meestal hom by die gemarginaliseerdes van die samelewing geskaar het. Mense soos die armes, die onderdruktes en die verwerptes. Hy het saam met hulle gekuier en gemeng, wat natuurlik totaal "onvanpas" was in sy dag, want dit was groepe mense waarmee die "beskaafdes" in daardie tyd glad nie gemeng het nie.

Sy boodskap was vir almal; alle groepe en alle lae van die samelewing was daarby ingesluit en is daardeur uitgedaag.

Dit is ook te verstane dat sy boodskap en optrede gou veroorsaak het dat hy vyande gemaak het. Sy boodskap het immers die rykes en outoriteitsfigure van sy dag uitgedaag.

Daarom het hierdie mense byna elke dag daar tussen die skares gewees om hom op die een of ander wyse te probeer uitvang.

Hulle het hom selfs probeer etiketteer soos hulle gewoonlik met die mense om hulle gedoen het, maar Hy was so anders. Hy het eenvoudig nie ingepas in enige van die boksies waarin hulle gewoonlik mense gesit het nie.

Een van die dinge wat hom so anders gemaak het, was juis hierdie ding wat hy oor homself gesê het. Naamlik, dat hy volgehou het dat hy nie oorspronklik van Planeet Aarde af gekom het nie. Ja, dat hy volgehou het dat hy van elders hierheen gestuur is!

Volgende keer gesels ons verder.

Dag 37 – Ons is ook nou van elders

Ons is besig om ’n bietjie na te dink oor hoe dit sou wees as hier skielik ’n wese van ’n ander wêreld êrens op Planeet Aarde sou verskyn vir ’n tyd. Sê nou maar as ’n Jood, om en by 3 v.C.

Ons het mekaar vertel hoe hy, toe hy so bietjie ouer as 30 was, allerhande snaakse dinge vir die mense vertel het wat na hom kom luister het.

Hy het volgehou dat hy ’n koning daar in die wêreld waar hy vandaan kom was. Boonop het hy gesê dat hy juis na Planeet Aarde toe gekom het om ook hier sy koningskap te kom vestig.

Hy het dit spesifiek so gestel dat hy ’n kolonie hier op aarde wou kom vestig van “sy soort”, wat sy koningskap sou aanvaar en wat uiteindelik die hele planeet daarmee sou deursuur en selfs sou “oorvat”!

Hy het oral die inwoners van hierdie planeet uitgedaag om hulle manier van lewe te laat staan en om sy gesag oor hulle lewens te aanvaar en sy manier van lewe te begin navolg. Ja, hulle moes begin lewe volgens die beginsels en wette wat gegeld het in sy wêreld.

Hy het hulle laat verstaan dat dit net kan gebeur as hy hulle enigste koning en here word en hulle hom in elke deel van hulle lewe begin gehoorsaam het.

Dan gebeur iets skokkend. Hy verklaar dat hy hierdie planeet vir ’n kort rukkie gaan verlaat, om dan in ’n ander vorm terug te kom! As hy terugkom, gaan hy sy lewe en sy natuur as’t ware “oorplant” in diegene wat hom toelaat om dit te doen! So gaan hulle as’t ware “weer gebore word” as nuwe mense, as deel van sy anderse, nuwe spesie hier op aarde!

Jy kan begryp dat hierdie boodskap vir homself groot moeilikheid veroorsaak het! Dit het diegene met gesag, in die besonder dié met godsdienstige gesag, laat laer trek teen hom. Hulle het hom gevange geneem en hom laat doodmaak op die wreedste wyse wat hulle in hulle tyd dit kon doen, naamlik om hom te kruisig.

Die merkwaardige egter was dat hy net vir 3 dae dood was! Soos hy belowe het, het hy na 3 dae opgestaan uit die graf en het hy vir 40 dae oral aan die mense verskyn. Toe het hy vertrek na vanwaar hy oorspronklik gekom het, om 10 dae later, soos hy belowe het, in ’n ander vorm na planeet Aarde toe terug te kom om nou hier ’n “kolonie” te kom vestig wat bestaan uit “wedergebore”, her-skape mense!

Kom ek onderbreek ons “storie” hier!

Ek hoop darem dat die “storie” wat ek op hierdie “anderse manier” vertel het, vir jou darem “bekend” geklink het! Natuurlik is dit die verhaal van Jesus Christus en God se ewige plan met Sy koms. Daarom wou ek elke keer as ek na Hom verwys het of oor Hom gepraat het, dit in hoofletters gedoen het! Ter wille van “die storie” het ek my elke keer daarvan weerhou!

Ja, Jesus Christus het mens geword en die gestalte van ’n mens aangeneem. Dit was juis wat die mense so verwar het. Biologies was Hy mens maar tog was Hy ook totaal anders! Hy was immers God wat mens geword het!

Ek weet nie van jou nie, maar ek sukkel met my plat koppie om dit goed in woorde oor te sê en nie te voel ek praat “nonsens” nie!

Jesus was so anders. Hy was totaal sonder sonde, byvoorbeeld. Verder was Hy uniek: perfekte mens, maar ook God. Ja, Hy het in ’n Joodse huis groot geword en het Hebreeus gepraat. Hy het selfs soos die Jode gelewe en gedoen. Tog was Hy eintlik ook nie Jood nie. Hy was immers van elders, en Hy het heeltyd van Sy werklike Vader in “die hemel” gepraat.

Luister byvoorbeeld na gedeeltes soos die volgende:

"Julle is van hier onder; Ek is van daar bo. Julle behoort tot hierdie wêreld; Ek behoort nie tot hierdie wêreld nie.” (Joh. 8:23)

"As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het van God af gekom, en hier is Ek nou. Ek het immers ook nie uit my eie gekom nie, maar Hy het My gestuur.” (Joh. 8:42)

“My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie… As my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my onderdane geveg het sodat Ek nie aan die Jode uitgelewer sou word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie.

Dit is duidelik dat Jesus Christus van ’n “ander wêreld” was waar Hy die Koning was en nog steeds is. Sy boodskap tydens Sy lewe hier op aarde was dat die Koninkryk van Sy Vader (wat die Koning oor die hele Skepping is) ook nou na Planeet Aarde toe gekom het in Sy persoon.

Almal wat dit glo en sou kies om Hom te volg, sou “burgers” van hierdie nuwe koninkryk word met Jesus Christus as hulle Koning en Here.

Jesus het verduidelik dat Hy deur die werking van Sy Gees, Sy lewe wat Hy aan hulle sou skenk, letterlik deur hulle sou lewe.

Verder sou hulle, net soos Hy, leer om van twee soorte kos te lewe: gewone fisiese kos maar ook geestelike, hemelse voedsel. Dit is mos waarvan Hyself daar in Joh. 4:32 gepraat het toe Hy aan Sy dissipels gesê het: "Ek het voedsel om te eet waarvan julle nie weet nie.”

Soos Hy, sou Hy ons leer om ook daagliks na die “ander stem tussen al die ander stemme” te luister om te weet hoe Hy ons wil leer en lei in Sy wil vir ons lewe (Joh. 12:49; Joh. 10:3-5).

Hy gaan ons ook leer om na dinge te begin kyk deur Sy bril. Sy manier en Sy Woord gaan die enigste wees wat vir ons werklik gaan sin maak.

Ja, ons gaan letterlik deel word van ’n kolonie wat die Bybel beskryf as “die Liggaam van Jesus op hierdie Aarde”, die “familie van God” en as “ekklesia”.

Maar daaroor later meer.

Dag 38 – So lyk Bybelse “kerk-wees”

Ek is so bewus van hoe ver verwyder die meeste mense se verstaan van “kerk-wees” is van dit wat die Bybel bedoel as dit praat van “kerk” of ekklesia (soos dit eintlik in die Grieks staan).

As ons die woord “kerk” gebruik, is die eerste ding waaraan die meeste mense dink ’n gebou met ’n toring van die een of ander aard wat ’n paar keer per week eksklusief deur ’n bepaalde soort Christelike gemeente met ’n spesifieke naam, manier van doen en glo, gebruik word. Dan het so ’n “kerk” ook gewoonlik hulle eie dominee of pastoor of geestelike leier, wat die “eredienste” van daardie “kerk” gewoonlik lei en ook meestal al die Woordbedieningsgeleenthede waarneem.

In die Grieks beteken die woord ekklesia nie een van hierdie dinge nie. Hierdie Griekse woord word deurentyd gebruik om ’n groep mense te beskryf wat plaaslik en oor ’n wyer gebied êrens in hulle omgewing gereeld bymekaarkom. Die woord sê verder dat almal wat so bymekaarkom ’n rol te speel het en ook deel het aan alle besluite wat geneem word daar.

In die Nuwe Testament was ekklesia nooit die plek waar mense getrou of begrawe is nie. Dit was eerder die familie of gemeenskap mense wat bymekaargekom het met ’n wete en geloof dat Jesus self ook daar in hulle midde is. Saam met mekaar het hulle dan Sy teenwoordigheid en die lewe wat daar in Hom is, ervaar en geniet.

Hoe sê Paulus daar in 1 Kor. 14:25? Waar mense dit beleef, getuig hulle teenoor diegene teenwoordig: "Waarlik, God is hier by julle!”

’n Mens kan sover gaan as om te sê dat as ons werklik erns maak met wat die Nuwe Testament oor ekklesia-wees sê, dan is dit duidelik dat daar nie werklik sprake kan wees van Bybelse ekklesia-wees as Jesus en die lewe wat daar in Hom is nie ’n beleefde werklikheid is waar mense so byeen is nie. Anders is so ’n byeenkoms niks anders as net ’n gewone byeenkoms van gewone mense nie.

Om die prentjie van mense terug te verander na die korrekte Bybelse prentjie daarvan is ’n kolossale poging nodig en ek glo dit is waarmee die Here deur die werking van die Heilige Gees tans wêreldwyd besig is.

Ek wil jou herinner aan God se plan reg aan die begin, voor die skepping, toe Hy die ekklesia beplan het. Jy sal onthou dat God se plan met die ekklesia was dat hulle Sy gesin en familie hier op aarde moet wees. Hy wou saam met hulle kuier, hulle liefhê en daar bedien en dat hulle Hom as Vader, Seun en Gees ook daar sal liefhê en bedien. Daar waar hulle so byeen is, sal die lewe en die oorvloed wat net Hy deur Sy teenwoordigheid en genade kan gee, elke keer ’n aanvoelbare, beleefde werklikheid wees.

Dit is ook merkwaardig om te ontdek hoe God beplan het om te sorg dat dit ’n beleefde werklikheid elke keer sal wees. Johannes stel dit vir ons so daar in Joh. 1:14 tot 18: “Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid… Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang.

God het die wet deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom. Niemand het God ooit gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is, dié het Hom bekend gemaak."

God het besluit om Homself aan mense te vertoon as 'n sigbare Mens met hande, voete en 'n menselyf. En soos wat mense hierdie "Mens" leer ken het en ontmoetings met Hom gehad het, het hulle die lewe en dit in oorvloed in daardie ontmoetings met Hom beleef.

Hierdie Mens was Jesus, die Christus. Die fisiese liggaam van Jesus was dus die manier hoe God Homself as 'n onsigbare God sigbaar kom maak en kom "verduidelik" het aan mense.

God se plan het natuurlik nie daar geëindig nie. Sy plan het baie meer behels as om Homself in die bietjie meer as dertig jaar van Jesus se lewe as mens op aarde bekend te stel aan die mensdom. Hy wou ook nie net op een plek op aarde so "teenwoordig" wees nie. Hy wou oral wees. Hy wou Homself oral aan 'n hele mensdom bekendstel en "verduidelik".

Daarom is dit interessant om te lees dat Jesus net voor Sy hemelvaart belowe het dat Hy weer aarde toe kom (Joh. 14:18-20; 16:7,16).

Kort daarna word Hy gekruisig en Sy aardse liggaam word vernietig (Joh. 2:19-22). Die Bybel sê dat toe Hy sterf, sterf Hy nie alleen nie. Hy vat as't ware die hele gevalle skepping met Hom saam en vernietig so alles wat God se finale planne kon blokkeer en teenstaan in die proses (Rom. 6:6-7; Gal. 3:27-28; Kol. 2:13-15; 3:9-11).

Dan staan Hy op uit die dood. Hiermee saam gebeur iets bonatuurlik wonderlik. Hy staan op as die Hoof en die Eerste van 'n nuwe soort menslike ras en 'n nuwe skepping (Joh. 20:17; Rom. 8:29; 1 Kor. 15:42-49; 2 Kor. 5:17; Gal. 6:15). Van hierdie oomblik af was Hy byvoorbeeld nie meer beperk om op een plek op 'n bepaalde tyd te wees nie. Hy kon terselfdertyd op verskillende plekke wees (1 Kor. 15:6). Hy kon selfs deur mure beweeg (Joh. 20:26).

Die Bybel sê verder dat Jesus 'n Lewe-gewende Gees geword het (1 Kor. 15:45). En as Lewegewende Gees blaas Hy Sy lewe en Sy Gees in Sy dissipels in en kom woon Sy Gees, die Gees van die Vader en die Seun, nou in hulle lywe.

Op Pinksterdag breek die finale deel van God se plan aan vir hoe Hy voortaan in hierdie nuwe era "teenwoordig gaan wees om self mense te bedien".

Volgende keer gesels ek verder hieroor.

Dag 39 – Om gesin van God te wees

Ons is besig om te gesels oor God se plan om op ’n nuwe manier “teenwoordig te wees om self mense te kan bedien” na Jesus se hemelvaart en die Pinkstergebeure in 32 n.C.

God wou nie net Sy Gees gee om in hierdie nuwe era in elkeen van Sy mense se liggaam te kom woon nie. Hy wou ook Sy Gees gee om op elkeen van Sy mense te wees.

Hierdie uitdrukking in die Bybel van Sy Gees “op” mense, beteken doodgewoon dat Hy op die manier elkeen van Sy mense toerus met bonatuurlike vermoëns of gawes om so hulle lywe te kan gebruik om dieselfde dinge te doen en nog groter dinge te doen as wat Jesus gedoen het tydens Sy lewe op aarde (Joh. 14:12).

Hy wou hulle so gebruik as “Sy getuies”. Om deur hulle en deur wat hulle gaan doen en sê deur die bediening van die gawes van die Gees, Homself te “verduidelik” en sigbaar te vertoon aan die wêreld (Hand. 1:8).

So gaan hulle as’t ware die nuwe “Liggaam van Jesus” op aarde wees wat uit baie lede bestaan en op baie plekke tegelyk kan wees.

Ek wil dit weer sê: toe ons Jesus Christus in die geloof as Verlosser en Here aangeneem het, word ons nie net kinders van God en broers en susters van Jesus nie – met ander woorde “familie” of “gesin” van God nie – maar word ons in elke sin van die woord “Liggaam van Jesus”.

As “Liggaam van Jesus” woon Jesus self deur Sy Gees in ons.

’n Baie belangrike element van deel van die Liggaam van Jesus-wees is ons onderlinge verhoudinge met ander “ledemate” van hierdie Liggaam. Daarom is dit belangrik om ’n bietjie verder na te dink oor wat dit dan beteken om ook “familie” of “gesin” van God op aarde te wees.

In Jesus se tyd op aarde het die Jode geweldig klem gelê op familie-wees. Hulle het baie aandag gegee aan wie presies deel van hulle voorgeslagte was. Verder was hulle verhoudinge binne hulle eie gesin en veral dié tussen die ouers en hulle kinders in daardie gesin vir hulle tiperend van ’n mens se verhouding met God.

In die proses het die meeste Jode selfs hulle gesin of familie verafgod. Alles het rondom die gesin gedraai en was daarop gerig.

Dit is dan ook die rede waarom dit nodig was vir Jesus om familie- en gesin-wees te kom herdefinieer. Ons hoor hoe Hy daarom die volgende dinge in die verband sê.

In Mat. 12:46 tot 50 lees ons: “Terwyl Jesus nog besig was om met die mense te praat, het sy moeder en broers buite gestaan, en hulle wou met Hom praat. Iemand sê toe vir Hom: ‘U moeder en u broers staan daar buite en wil met U praat.’ Maar Hy sê vir die man wat dit vir Hom gesê het: ‘Wie is my moeder, en wie is my broers?’ Toe wys Hy met sy hand na sy dissipels en sê: ‘Daar is my moeder en my broers!

Elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is, dié is my broer en my suster en my moeder.'"

Dan hoor ons ook hoe Hy in Mat. 10:37 die volgende sê: "Hy wat sy vader of moeder liewer het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie; hy wat sy seun of dogter liewer het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie." (Lees ook Luk. 12:51-53 en Mrk.10:29-30 in die verband).

Met ander woorde, Jesus was besig om vir die mense te leer oor 'n ander soort familie wat baie belangriker as ons gewone fisiese natuurlike gesin of familie was, naamlik ons nuwe familie as deel van God se familie of gesin op aarde.

Natuurlik het Jesus nie in die proses ons natuurlike aardse familie-verhoudinge afgemaak as onbelangrik nie. Nee, Hy was net besig om dinge vir ons in perspektief te stel en om vir ons iets te vertel van dit waarmee God nuut besig was. Hy was immers besig om vir Homself 'n nuwe soort gesin of familie hier op aarde te vestig.

Die oomblik wat ek dus tot bekering kom en Jesus Christus aanvaar in die geloof as Verlosser en Here, word ek deur die Gees van God êrens ingebou in die Liggaam van Jesus. Maar dan nie as 'n soort "lone ranger" wat net op myself aangewese is nie. Nee, ek word ingebou in die Liggaam van Jesus as deel van 'n familie gelowige volgelinge van Jesus. God het bedoel dat ons op mekaar aangewese moet wees en mekaar nodig het vir ons verdere normale geestelike groei en roeping vorentoe.

Onthou, ons is deel van Jesus se nuwe Liggaam op aarde. Elkeen van ons is bedoel om verskillende ledemate van hierdie Liggaam wees. Ons sou voortaan die hande, voete of deel van die lyf van Jesus se nuwe Liggaam op aarde wees. Maar dan nie los of onafhanklik van die res van die ledemate van die Liggaam nie. Nee, God se Gees rus ons juis so toe met verskillende bonatuurlike geestesgawes dat Hy ons in mekaar se lewens kan gebruik om mekaar toe te rus, te bedien, lief te hê, te versorg en op te bou.

Ons wedergeboorte en bekering is immers die eerste tekens van lewe wat die ander gelowiges rondom ons sien in ons lewens as splinternuwe geestelike babas. Net soos enige ander baba het ons 'n gesin en familie nodig om na ons om te sien en ons te versorg sodat ons normaal en gesond kan opgroei en groot en volwasse kan word. Sodat ons weer later op ons beurt ook na ander nuwe geestelike babas kan omsien wat God toegevoeg het tot ons geestelike familie in Christus Jesus.

Dag 40 – Jesus bedien mense deur Sy Liggaam

Jesus Christus, as ons opgestane Here, het gesê: “Ek het gekom sodat julle lewe kan hê en dit in oorvloed.” (Joh. 10:10b)

Nou wil Hy die multidimensionele kante van hierdie oorvloedige lewe sigbaar en beleefbaar vertoon en bedien aan mense. Hyself is egter onsigbaar vir gewone mense-oë en daarom het Hy ’n liggaam nodig wat oral op aarde teenwoordig kan wees om dit te doen.

In Ef. 3:17 tot 21 skryf Paulus in die verband: “… dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God. Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen.”

Ek weet nie of jy al ooit te doen gehad het met ’n demonies-besete mens nie. In die paar gevalle wat ek betrokke was by die bediening van so ’n mens, het sekere dinge my opgeval. Ek het onder andere verstaan hoe en waarom onsigbare demone die sigbare lyf van ’n mens kan beset om te kan doen wat hulle wil doen.

Demone beset mense se liggame en manipuleer en beheer daardie mense aggressief van daar af. So kry hulle ook beheer oor die liggame en liggaamsdele van so ’n mens om te doen wat hulle gedoen wil kry deur daardie mens.

Dit is nie hoe Jesus te werk gaan nie. As Hy in Sy mense kom woon deur Sy Gees om hulle te gebruik om ander mense te bedien met Sy lewe, wil Hy nie teen ons wil in beheer van ons lewens wees nie. Hy gee ons die hele tyd self die keuse om Hom vrywillig toe te laat om ons lewens te beheer deur die werking van Sy Gees in ons.

Hoor wat staan in Gal. 5:16 e.v. in die verband: “Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie. Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie… Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie. Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.”

In die Bybel het ons ten minste twee voorbeelde van hoe dit gebeur.

In Johannes 15:4 en 5 verduidelik Jesus dat dit as ’n verhouding tussen ’n wingerdstok en sy onderskeie lote. Natuurlik is Jesus die Wingerdstok vir elkeen wat in Hom glo en is ons die lote aan hierdie “Wingerdstok”. Sonder ons verhouding met

Hom as die Wingerdstok is lewe nie moontlik nie. Ons put immers ons lewe uit ons verhouding met die Wingerdstok. En as lote is ons elkeen verskillend, maar tog ook intrinsiek deel van mekaar omdat ons almal lote van die Wingerdstok is.

In Mat. 25:34 tot 40 vind ons ŉ tweede illustrasie hiervan in Jesus se gelykenis oor die skape en die bokke.

In hierdie gedeelte hoor ons: “Dan sal dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra: ‘Here, wanneer het ons U honger gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te drink? En wanneer het ons U ŉ vreemdeling gesien en U gehuisves, of sonder klere, en vir U klere gegee? Wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek?’ En die Koning sal hulle antwoord: ‘Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.’”

Wanneer ek en jy ŉ medelid van die Liggaam van Jesus op ŉ sekere manier behandel, is ons eintlik besig om Jesus op daardie selfde manier in die proses te behandel.

Sien, Jesus en Sy Liggaam kan nie geskei word nie.

In die Evangelie van Johannes word hierdie waarheid op ŉ baie wonderlike manier geteken.

Ons sien daar vir Jesus hang aan die kruis, besig om te sterf. Aan die voet van die kruis staan Jesus se aardse moeder, Maria, en Johannes, Sy apostel.

Jesus kyk af na Sy moeder en na Johannes. Dan sê Hy die volgende vir Sy moeder: “Vrou, daar is u seun.” En vir Johannes sê Hy: Daar is jou moeder.”

Dan lees ons hoe die Johannes-evangelie sê: “Van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem.” (Joh. 19:27)

Maria het dus deel van Johannes se eie gesin geword.

Hier kom dus, met Christus se dood, ŉ nuwe gesin of familie tot stand. Daar aan die voet van die kruis begin ŉ nuwe gesin of familie: die nuwe familie of gesin van Jesus, ons Here en God.

Dag 41 – Jesus se bediening na Sy hemelvaart

Daar is baie menings oor wat presies die sentrale tema van die boek Handelinge is.

Baie meen dit is ’n verslag van die werk van die Heilige Gees. Ander sê selfs dit is ’n verdediging van Paulus se bediening.

In Hand. 1:1 sê Lukas self wat sy bedoeling met die boek is. Hoor wat skryf hy daar: “My eerste boek, Teofilus, het ek geskrywe oor alles wat Jesus gedoen en geleer het, van die begin af tot op die dag van sy hemelvaart.”

Vergelyk dit met wat hy daar in Lukas 1:1 tot 4 geskryf het: “Hooggeagte Teofilus! Daar is baie wat onderneem het om ’n verhaal te skrywe van die dinge wat onder ons gebeur het. Hulle het dit opgeteken soos dit aan ons oorgelewer is deur die mense wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was. Daarom het ek dit ook goedgedink om self alles stap vir stap van voor af te ondersoek en die verhaal noukeurig in die regte volgorde vir u neer te skryf. So kan u te wete kom dat die dinge waaroor u onderrig is, heeltemal betroubaar is.”

Dit is dus duidelik dat die Evangelie van Lukas en die boek Handelinge dele 1 en 2 van Lukas se vertelling aan Teofilus is. Volgens Hand. 1:1 was die Evangelie van Lukas die eerste deel wat handel oor alles wat Jesus gedoen en geleer het tydens Sy lewe op aarde tot net na Sy opstanding uit die dood. Dit was dus die verhaal oor die begin van Jesus se lewe en bediening op aarde.

Die boek Handelinge is die voortsetting van die verhaal oor Jesus se lewe en bediening op aarde. Maar hierdie keer gaan dit oor die verhaal oor Sy lewe en bediening deur Sy Liggaam, Sy Ekklesia, of Kerk.

Kom ek gaan wys vir jou ’n paar voorbeelde van hoe Lukas dit vir ons teken.

Dit is merkwaardig om te ontdek dat Lukas presies dieselfde storielyn gebruik in sy Evangelie as in die boek Handelinge. In die Lukas-evangelie begin Lukas sy verhaal met die geboorte van Jesus. Hoor hoe vertel hy dit daar in Luk. 1:35: “Die engel antwoord haar: ‘Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God.’”

Die boek Handelinge begin met die geboorte van die Liggaam van Jesus, die ekklesia of Kerk van die Here Jesus. Hoor hoe vertel Lukas dit in dieselfde taal as wat hy dit in die Lukas-evangelie vertel het: “Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”

Die Lukas-evangelie vertel hoe Maria met Jesus “bevrug is” deur die werking van die Heilige Gees. Die boek Handelinge begin met hoe die Ekklesia met die lewe en inwoning van Jesus “bevrug is”.

En dan gaan Handelinge voort om vir ons te vertel hoe Jesus Sy bediening voortsit deur Sy nuwe Liggaam, die Ekklesia of gemeentes van die Kerk van Jesus.

Die eerste ding wat die volgelinge van Jesus doen as hulle kies om in Jesus te glo en dan die Heilige Gees ontvang het, is dat hulle bymekaar kom (en aanhou om bymekaar te kom, volgens Hand. 2:46).

Dit was asof die basiese instink en behoefte van die nuwe mense-spesie, die Ekklesia, was om met mense uit hulle selfde nuwe soort byeen te kom.

En is dit nie nog steeds so nie!? Diep in elkeen van ons se wese as volgelinge van Jesus is hierdie dors na ware intieme gemeenskap met ander “soos ons”.

Soos ons gesien het, is die Heilige Gees die band (of Gees) van liefde wat die lede van die Drie-enige God as’t ware aanmekaar vasbind tot Een. Hy is ook die band of Gees van liefde wat die lede van die nuwe Liggaam van Jesus tot “een liggaam” aan mekaar en aan Christus Jesus vasbind.

In die mate wat die Heilige Gees in beheer in die ekklesia is en hulle Sy stem gehoorsaam, het hulle mekaar instinktief lief en het hulle hierdie begeerte om byeen te kom.

Dag 42 – Jesus en Sy Liggaam kan nie geskei word nie

Die saamkom en saamkuier van die gelowiges in die vroeg-Christelike gemeentes in die Ekklesia of Liggaam van Jesus was so ŉ intrinsieke deel van ekklesia-wees dat daar in hierdie gemeentes nie werklik iets soos ŉ "individuele" bekering in die Westerse sin van die woord was nie. Jy is altyd gered en gedoop as deel van die Liggaam êrens in een van die huisgemeentes.

Hierdie huisgemeentes was weer op hulle beurt deel was van die groter lokale gemeente, wat weer deel was van die wêreldwye, een Liggaam van Jesus.

So het elke jong bekeerling letterlik "outomaties" deel geword, familie geword, van die lokale ekklesia wat gedurig byeengekom het.

Onthou, in die vroeg-Christelike gemeentes daar in die begin, het hulle nie soos ons net op Sondag byeengekom nie. Hulle het spontaan, wanneer dit ook al moontlik was, enige tyd in die week byeengekom.

Daarom het hierdie gelowiges verder selfs "bekering" en "verlossing" verstaan as ŉ uitbeweeg uit een gemeenskap en ŉ inbeweeg in die nuwe gemeenskap van gelowiges. Daarom sê Kol. 1:13 en 18 die volgende: "Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet… Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan…"

Kom ek sê dit weer: elke gelowige het dus onmiddellik outomaties deel geword van die Liggaam van Jesus, die ekklesia of gemeente van Jesus. Dit was nie iets waarby jy op die een of ander manier kon "aansluit" in die sin van "lid" word nie.

Luister na Hand. 5:13 en 14 in die verband: "… En daar was niemand van die ander wat dit gewaag het om hom by hulle te voeg nie, maar die volk het hulle baie geëer. En daar is meer en meer gelowiges in die Here bygevoeg…" (Ou Afrikaanse Vertaling).

Elke persoon wat deel was van die gemeente het die een of ander tyd vroeër tot bekering gekom en is dan outomaties "bygevoeg" as nog ŉ ledemaat of deel van die Liggaam van Jesus.

"Kerk-lidmaatskap" het in die vroeg-Christelike gemeentes totaal anders gewerk as vandag. Jy het nie êrens gaan "aanbid" by die een of ander "kerk" nie. Met jou bekering was jy klaar deel van die Kerk of Ekklesia van Jesus in ŉ plaaslike gemeente. Jy het deel van die Kerk of Liggaam van Jesus geword net soos jy deel geword het van jou natuurlike aardse familie, naamlik deur jou geboorte. Net so het jy deel geword van die gemeente van Jesus deur ŉ geestelike geboorte of wedergeboorte (soos Jesus dit daar in Joh. 3 vir ons teken).

So het jy ook deel geword van Jesus self. Hy en Sy Liggaam is tog onlosmaaklik een! Omdat Jesus en Sy Liggaam nie van mekaar geskei kon word nie, was dit vir Lukas presies dieselfde as om te vertel wat "Jesus deur Sy Liggaam" gedoen het as hy Handelinge vir ons vertel van die ekklesia in Jerusalem en wat daar gebeur het.

Dit is ook waarom ons daar in Hand. 9:4 en 5 lees hoe Jesus aan Paulus verskyn en die skynbaar onverwagte aan hom sê: "'Saul, Saul, waarom vervolg jy My?'

'Wie is U, Here?' vra hy toe. 'Ek is Jesus,' antwoord Hy. 'Dit is vir My wat jy vervolg.'"

Hy vra hom nie waarom vervolg hy Sy Kerk of ekklesia nie. Nee, Hy vra hom: "Waarom vervolg jy My?"

Sien, vir Jesus is Hy en Sy Liggaam, die ekklesia, intrinsiek verweef en een.

Wat 'n merkwaardige gedagte! Om te besef dat die uitdrukking "Liggaam van Jesus" nie net bloot 'n metafoor of een of ander teologiese abstrakte leerstuk in die dogmatiek is nie. Dit is 'n realiteit. Ons is werklik deel van die werklike Liggaam van Jesus hier op aarde!

In Paulus se eie lewe, toe hy dit begryp het, het dit alles in sy lewe, denke en bediening verander. Hy verwys selfs hierna as 'n "hemelse visioen" daar in Hand. 26:19 toe hy daar aan koning Agrippa sê: "Van toe af, koning Agrippa, was ek nie aan die gesig uit die hemel ongehoorsaam nie."

Waaruit het hierdie "gesig" of "hemelse visioen" dan bestaan?

Hy het 'n ontmoeting gehad met Jesus Christus, die Hoof in die hemel, wat in elke sin van die woord die "Hoof" of "Kop" was van die res van Sy Liggaam hier op aarde.

Sedert Sy hemelvaart was Christus, die Hoof van die Ekklesia of Kerk van Jesus op aarde, onlosmaaklik deel van die res van Sy Liggaam hier op aarde. Hy was waar hulle was en hulle was waar Hy was.

Paulus het dus werklik, soos Augustinus, die kerkvader, dit jare later so verduidelik, die "hele Christus" ("totus Christus", in die Latyn) vir die eerste keer raaksien.

Dit was dus Hyself wat deur elke gelowige die mense om hulle bedien het.

Dag 43 – Jesus en Sy lewe in my

Laas het ons aan mekaar vertel hoe Paulus iets begryp het van die feit dat Jesus Christus, as die Hoof van Sy Liggaam, intrinsiek deel is van Sy Liggaam of Sy Ekkelsia gelowiges op aarde. Hulle kan nie van mekaar geskei word nie. Waar Hy was, was hulle en waar hulle was, was Hy.

Paulus het ook iets anders as deel hiervan beleef en begryp. Hy het begryp dat toe hy Jesus as Verlosser en Here in geloof aangeneem het, was dit asof hy “hierdie pakkie” met die leë hande van geloof vasgegryp het waarin ook die “lewe van Christus” was.

Wanneer jy tot bekering gekom het, het jy nie net deel geword van die Liggaam van Jesus op aarde nie, dit was asof God met jou hierdie ruiltransaksie aangegaan het. Hy het jou ou lewe met jou verlede, hede en toekoms by jou gevat en in ruil daarvoor vir jou die lewe van Christus Jesus met Sy verlede, hede en toekoms gegee. Dit alles gebeur net omdat jy gekies het om in geloof die aanbod van die evangelie te aanvaar en gekies het om “Jesus aan te neem”.

Dink ’n bietjie hieroor na.

Dit wat ek hier in ’n paar eenvoudige woorde vir jou getik het, is eintlik die mees merkwaardige meerdimensionele Bybelse waarheid waaroor ons vir dae, maande en jare nog kan gesels.

As gelowige volgelinge van Jesus het ons met ons bekering die “lewe van Jesus” by God ontvang. Deur die werking van God se Gees hier in my en jou, is die “lewe van Jesus” ook hier in my lyf en lewe aan die werk.

Hoor hoe sê Paulus dit daar in Kol. 1:26 tot 28: “Dit is die geheimenis wat eeue en geslagte lank verborge was, maar wat nou geopenbaar is aan die mense wat aan Hom behoort. God het besluit om aan hulle bekend te maak hoe seënryk en heerlik hierdie geheimenis vir die nasies is. Die inhoud daarvan is: Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlikheid. Hóm verkondig ons deurdat ons alle mense met alle moontlike wysheid onderrig en leer, sodat ons elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus kan bring.”

Dit is waarom Paulus daar in Galasiërs die volgende skryf: “Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir God kan lewe: ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.” (Gal. 2:19,20)

Omdat die “lewe van Jesus” nou hier binne-in my is, en ek so deel geword het van “Sy Liggaam”, het ek letterlik “kind van God” en so “familie van God” geword. Ek is dus deel van hierdie nuwe mense-spesie op aarde, wat letterlik in elke sin van die woord “familie van God” is.

Dit is waarom die gemeente van Jesus mekaar as gelowiges aangespreek het as “broer” en “suster”, want hulle was nou “bloed-familie” wat gedeel het in die “lewe van Jesus” wat in hulle was.

Dit was nie net een of ander “Christelike cliche” om vir mekaar “bro-ooer” en “su-uster” te sê nie. Dit het werklik wonderlike Bybelse inhoud gehad.

Binne die gemeente van gelowige volgelinge van Jesus was ons werklik deel van hierdie nuwe familie of gesin van God met hierdie nuwe “lewe” in ons. Ons het immers met ons bekering, deur die werking van God se Gees in ons, deel gekry van die “ewige lewe” van Jesus.

Wat ’n wonderlike openbaring om ’n bietjie aan te kou en oor te mediteer!